

Wie is die ware Messias van Israel?

Die waarheid aangaande die ware Messias van Israel was vir byna 2000 jaar van die massas versteek. Vandag is ons geseënd dat die waarheid finaal aan ons geopenbaar word. Kom neem 'n reis deur die bladsye van die Ou Testament (Tanak) en sien wie in werklikheid die enigste persoon kan wees wat 300 verskillende profesieë vervul het en wie die ware Messias van Israel is. Wanneer jy kyk na die wet van kans en waarskynlikheid vir een man om 'n ieder en elke profesie te vervul, is dit asemrowend. Die kans dat so iets kan gebeur is 1 in 10 tot die mag van 157. Lees die boek wat jou Rabbi of Pastoor nie wil hê jy moet lees nie en vind uit wie die Ware Messias van Israel is.

HIERDIE BOEK MAG NIE VERKOOP WORD NIE!

Dit is geskryf en geproduseer in die publiek se belang om die Christendom te help ontwaak asook bewus te maak van die leuens en verdraaiings van feite in die geskiedenis en leerstellings van die liggaam van gelowiges in Yahshua die Messias. Indien jy graag wil help om meer boeke vir verspreiding te druk, kan jy jou bydrae gerus stuur aan:

Don Esposito
Posbus 832 Carteret, N.J. 07008 USA

Toestemming word verleen om hierdie boek te kopieer en te versprei, met een voorwaarde, dat die inhoud nie verander of gewysig mag word nie.

Kopiereg: Word of Truth Publications 2007

Outeur se Nota: In die Engelse boek word die meeste verse uit die J.P. Green's Interlinear Bible of the Old and New Testament aangehaal. Dit is saamgestel vanuit die oorspronklike Hebreeuse en Griekse manuskripte wat 'n letterlike woord vir woord vertaling is. Dit is uiters noodsaaklik om by die waarheid uit te kom.

(VERTALERS SE OPMERKINGS - In hierdie vertaalde uitgawe word die Woord en Getuienis (WEG) wat op The Word verskyn as basis gebruik, en waar nodig was veranderings gemaak om die ware betekenis van die oorspronklike Skrif aan te dui. Hierdie weergawe is huidiglik nie in boek vorm beskikbaar nie, maar kan gratis van ons webtuiste, www.coYHWH.com afgelaai word.

Die oorspronklike name van ons Skepper, Yahweh, en Sy Seun, ons Verlosser Yahshua, word deurgaans gebruik. Die Naam Yahweh of YHWH (יהוה) kom 6823 keer voor in die oorspronklike Hebreeuse manuskripte. Byna elke vertaling op aarde, insluitend die Afrikaanse Vertalings, verwyder die Skepper se persoonlike Naam en vervang dit met die generiese titel "HERE", wat "Baäl" of Meester beteken. Ons Verlosser se gegewe Hebreeuse Naam, "Yahshua" wat "YAH is Verlossing" beteken, is onnodiglik en verkeerdelik verander na 'n Latyns en Griekse mengsel, naamlik "Jesus", wat 'n swak transliterasie van die Griekse "IE-Zeus" of "IE-Sous" is. Die Afrikaanse transliterasie van "Yahshua" sal gelykstaande wees aan Josua. Die letter "J" het tot en met die 16de eeu in geen taal bestaan nie, daarom sou die Griekse naam "Jesus" nie die Naam van ons Verlosser gewees het nie. Dit kan dus ook as Jahshua of Iahshua getranslitereer word.

Die derde gebod verbied die ydellike gebruik van Yahweh se Naam. "Ydellik" beteken letterlik om te verander, te vervals, of te veralgemeen. Deur die Naam Yahweh of Yahshua te neem en dit te verander na "Here" of "Jesus" is beslis teen die duidelike instruksie van die derde gebod. Daarom gebruik ons eerder die ware, oorspronklike Name van ons Vader Yahweh en Sy Seun Yahshua in hierdie boek. Ons maak ook gebruik van die Hebreeuse titel "Elohiem" in plaas van "God". Die verandering het is nie bedoel om ons terugkeer na die waarheid af te breek nie. Inteendeel, soos ons terugdraai na ons Vader sal ons meer en meer agter kom dat ons die ou tradisies moet laat gaan sodat ons Hom weer met ope hande kan omhels. Iets wat onmoontlik is om met sakke vol leuens te doen.

Inleiding:

Vanaf Moses al was daar geprofeteer dat 'n Messias die nasie van Israel sou kom verlos van hul sondes wat onder die Eerste verbond gepleeg was.

Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n Nuwe Verbond, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die Eerste Verbond, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

Deut 18:15 'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal Yahweh jou Elohiem vir jou verwek; na Hom moet julle luister.

Sedert Moses was daar baie vals messiasse wat beweer het dat hulle die beloofde saad van Abraham deur Dawid was. Van Simon Bar Kochba tot Sheptai Zevi. Wie is die geprofeteerde Messias van Israel? Hoe seker kan ons daarvan wees?

Daar is oor die 300 messiaanse profesieë in die TaNaK (Ou Testament) en slegs een persoon in die geskiedenis van Israel (en die wêreld) het elke een vervul. Wanneer ons kyk na die wet van waarskynlikheid, vir een man om 'n ieder en elke profesie te vervul sal ons snak na ons asems. Die getal is moeilik verwerkbaar. Dr. Peter Stoner [Science Speaks, Kopie reg © 1958, 1963, 1968 by the Moody Bible Institute of Chicago, bl. 333] het na raming geskat dat die kans vir 48 van die meer as 300 Ou Testamentiese profesieë oor die Messias deur een persoon (Yahshua) alleenlik vervul kon word, is 1 in 10 tot die mag van 157. Dit is 1 in 100, 000, 000, 000, 000, en 000. Die bladsy sal gevul word met nulle as die werklike getal uitgeskryf moet word. Alleenlik Yahshua van Nasaret het elke een van die meer as 300 profesieë in die Bybel oor die Messias van Israel vervul.

Joh 5:39 "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dit wat van My getuig."

Yahshua van Nasaret het elke profesie vervul. Waarom glo meeste mense nie hierdie feit nie? Die antwoord word gevind in die geskiedenis vanaf die vroeë, 1ste eeu na Messias tot en met die 4de eeu na Messias. (VM – Voor Messias en NM – Na Messias) Die feit van die saak is dat al die vroeë gelowiges Israëliete was (baie vanaf die stam van Juda), en baie Jode in die 1ste eeu het geglo dat Yahshua die beloofde Messias was.

Hand 21:20 En toe hulle dit hoor, het hulle Yahweh lof toegebring en vir hom gesê: U sien, broer, hoeveel duisende Jode daar is wat gelowig geword het, en almal is yweraars vir die Torah.

Der duisende Jode in die eerste eeu wat die wonderwerke en tekens van Yahshua aanskou het, het geglo dat Hy die beloofde Messias was. Gedurende die 2de eeu na Messias het die geloof van moderne Judaïsme deur Rabbi Akiva tot stand gekom. Die Jode was deur Akiva geïntimideer om nie in Yahshua as die Messias te glo nie. Yahshua het volkome aanspraak gemaak op die outoriteit as die Messias van Israel, en so ook Akiva; daarom was dit onvermydelik dat 'n konflik sou ontstaan tussen die twee gelowige sektes.

Akiva het die feite aangaande Yahshua van Nasaret verdraai, eiendomme van Jode wat in Yahshua geglo het gekonfiskeer en baie van hulle gedurende die Bar Kochba opstand laat doodmaak. Akiva was die een wat Bar Kochba die Messias benoem het terwyl hy wel bewus was dat ware gelowiges in Yahshua nie in 'n heilige oorlog sou veg vir 'n vals messias nie. Dit het Akiva die outoriteit gegee deur middel van die rabbynse hof van daardie tyd om gelowiges in Yahshua te straf en selfs ter dood te veroordeel. ¹Maar die geskiedenis wys duidelik dat baie Jode in die eerste eeu wel in Yahshua van Nasaret geglo het as die beloofde Messias.

¹"Rabbi Akiva's Messiah", geskryf deur Dan Gruber gee al die feite van Akiva en daardie tyd in meer diepte en detail.

Vroeg in die vierde eeu, gedurende die bewind van Konstantyn, het die Christene, onder leiding van Konstantyn, kern leerstellings verdraai soos dat die Hebreuse Yahshua eintlik 'n Griekse Messias geword het. Konstantyn was 'n son-aanbidder en 'n heiden. Hy het blykbaar 'n visioen van 'n kruis gesien voor 'n beslissende stryd en het van daardie oomblik beweer dat hy 'n Christen was. Nie lank na sy sogenaamde bekering nie het hy sy moeder en sy seun vermoor en al die Torah gebaseerde wette verander. Een van die mees aangrypendste veranderinge was die dag van aanbidding wat verander was van die sewende dag Sabbat na die eerste dag van die week, Sondag. Konstantyn het vergader met al die Katolieke biskoppe en hiërargie van outoriteit deur 'n konferensie te reël.

Gedurende die raad van Nicea was die Sabbatdag officieel verander na Sondag en baie ander heidense tradisies was ingestel soos Kersfees en Paasfees –vieringe direk vanuit die Heidense geloof en wat geen Skriftuurlike staving geniet het nie. Die geboorte van die Messias was NIE op 25 Desember NIE. In Israel is Desember die middel van winter, daarom sou die skaapwagters nie in die veld met hul skape geslaap het nie. Die heidense “*saturnalia*” val wel op 25 Desember, direk na die winter sonstilstand. Volgens die heidense geloof het die Son geboorte geskenk op daardie dag. Selfs die woord “*Easter*” word afgelei van die Babiloniese heidense godin Istar. Al hierdie feite en meer word gedokumenteer in die boek, “*Die Groot Afvalligheid*” gratis beskikbaar op die webtuiste www.coYHWH.com.

Die naam *Jesus* is afkomstig van die Griekse naam “*ie-zeus*” of “*ie-sous*”. Die Messias van Israel was 'n Hebreër en 'n Israeliet vanuit die stam Juda (Juda). Hy was nie 'n Griek nie en Hy het nie 'n Griekse naam gehad nie. Elke naam in Hebreus het 'n besondere betekenis. Daniël beteken “El is my Regter”, Elija (Eliyahu) beteken “Yahweh is my El”. Daar is nie 'n naam in Hebreus wat nie 'n kern betekenis het nie. Yahshua beteken “Yahweh is verlossing” en dit was geprofeteer dat die Messias van Israel die Naam van Yahweh, die Vader in die hemel, in Sy Naam sou dra.

Eks 23:20-21 Kyk, Ek stuur 'n BoodsAPPER voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. Neem jou in ag vir Hom en luister na Sy stem; wees nie rebels teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want My Naam is in Hom.

Dit was duidelik geprofeteer dat die Naam van Yahweh ook in die Naam van die Messias sou wees. *Jesus* het geen etimologiese betekenis nie; dit is 'n Griekse hibriede naam met geen oorspronklike betekenis nie. Die naam Yahshua (*wat in die oorspronklike Hebreus beteken, Yahweh is Verlossing*) sê presies vir ons watter rol die Messias van Israel sou vervul. Hy sou die verlossing van Israel wees.

Israeliete was funksionele mense. Die Naam van die Skepper was aan Moses geopenbaar; “*Ek is wat Ek is*”, of beter gestel in die oorspronklike Hebreus, “*Ek bestaan*”. Toe Moses vra wat die Allerhoogste se naam is, het Hy nie alleenlik Sy Naam as “Yahweh” bekendgemaak nie, maar ook wat Hy doen, naamlik dat “*Hy bestaan*.” Vandag in die Weste, dink ons nie meer funksioneel soos die eertydse Israeliete nie, maar eerder vanuit Griekse denkwysse. Vanuit Griekse denkwysse dink ons meer aan wat iets *is* in plaas van wat iets *doen*. Dink funksioneel vir 'n oomblik; jy leef gedurende die eerste eeu, sien die Messias van Israel in lewende lywe in Galilea, dink jy dat Hy 'n Griekse of 'n Hebreuse naam sou hê? 'n Hebreuse naam natuurlik. Die naam van die Messias van Israel was “Yahshua” (*Yahweh is verlossing*). Die naam *Jesus* is sonder enige etimologie.

Dit is 'n baie belangrike feit, maar vir nou word daar eers gefokus om vanuit die Skrif te bewys dat die Messias van Israel 'n Hebreuse en nie 'n Griekse naam gehad het nie.

In Handeling 26 vertel die apostel Paulus aan koning Agrippa hoe hy die Messias van Israel op pad na Damaskus ontmoet het.

Hand 26:14-15 En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my praat en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. Toe sê ek: Wie is U, Meester? En Hy sê: Ek is Yahshua wat jy vervolg.

Let wel, Yahshua het met Paulus in die Hebreeuse dialek gepraat. Die letter "J" bestaan tot vandag toe nie in die Hebreeuse taal nie en tot en met die 16de eeu het die letter "J" nie in enige ander gegewe taal bestaan nie. Duidelik het Yahshua met Paulus in Hebreeus gepraat, daarom het Hy Sy Hebreeuse Naam aan Paulus bekend gemaak. Dit is volgens funksionele denkwys. Lees wat die gérub Gabriël aan Miriam (Maria) vertel het van die naam van die Verlosser in die boek van Mattheus.

Matt 1:21 en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Yahshua noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos.

Yahshua beteken Verlossing. Josef was van Joodse afkoms en het Hebreeus gepraat, daarom maak dit alleenlik sin dat die gérub wat aan hom verskyn het Hebreeus sou praat, die taal wat Josef duidelik sou verstaan. Aangesien ons nou vasgestel het dat die gérub Hebreeus met Josef gepraat het, is dit vanselfsprekend dat die Messias se Hebreeuse naam, *Yahshua* aan Josef bekend gemaak was. Dit is glad nie logies dat die gérub 'n Griekse naam soos "Jesus" sou gebruik wat geen betekenis sou hê vir 'n Hebreeus sprekend, Joodse gelowige soos Josef nie.

Die doelwitte van hierdie boek is soos volg:

1. Om Yahshua as die ware Messias van Israel aan die leser bekend te stel;
2. Om die leuens van Akiva en Konstantyn bloot te stel, asook die waarhede wat hulle honderde jare gelede wou probeer wegsteek; en
3. Om die ware Messias aan die Joodse nasie en Israeliete wat nogsteeds in Diaspora leef bekend te stel sodat hulle hom weer as hul eie toe-eien; die Messias wat na hulle gekom het om hulle terug te bring na die verbondsbelofte van Abraham.

Lees die boek om die waarheid te herontdek wat weggesteek was vir honderde jare. Moenie die woord van mens of jou eie tradisionele sienswyse aanvaar wat nie deur die Skrif gestaaf word nie. Gaan na die Woord van Yahweh en lees self om te leer wie die ware Messias van Israel is.

Deel 1- Hoekom het ons die Messias nodig?

Geskiedkundig is die Jode die enigste nasie ter wêreld wat hul tuisland vir meer as 2,500 jaar verloor het en dit weer in 1948 teruggekry het. In 1948 was Israel hervestig in hul eertydse land en kon hul amptelike taal teruggekry, asook die beloftes wat daarmee gepaardgaan. Hoekom het soveel jare verbygegaan voordat dit gebeur het en wat gaan volgende met die nasie van Israel gebeur?

Die antwoorde word gevind in die beloftes wat aan ons voorvader Abraham gemaak was meer as 3800 jaar gelede in antieke Mesopotamië. Die Skepper van die heelal (*YHWH*) het 'n verbond met Abraham gesluit wat verband hou met drie dinge wat nooit sal verander terwyl die aarde bestaan nie.

1) DIE MENSE - Yahweh ons Elohiem het beloop dat Hy die verbond sluit met die saad van Abraham.

Gen 17:7 En Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n Elohiem te wees en vir jou nageslag na jou.

Die belofte van die ewige verbond was nie aan enige seun van Abraham belowe nie, nee, aan een spesifieke seun alleenlik.

Gen 17:19 Toe antwoord Elohiem: Voorwaar, jou vrou Sarah sal vir jou 'n seun verwek, en jy moet hom Isak noem; en Ek sal My verbond met hom oprig as 'n ewige verbond vir sy nageslag na hom.

Vanuit die Skrif is dit duidelik dat dit Isak is, die seun van Abraham, deur wie die belofte van die ewige verbond sou kom. Die belofte aan Isak is oorgedra na sy seun Jakob, wie se naam verander was na Israel. Israel het 12 seuns gehad wat in die Skrif genoem word “Huis van Israel” of “Seuns van Israel”. Die hedendaagse Jode is een van die nakomelinge van een van die 12 seuns van Israel wie se naam Juda was. Die ander seuns van Israel is vandag nogsteeds verspreid in die wêreld as gevolg van hul Diaspora.

Ps 105:5-11 Dink aan sy wonders wat Hy gedoen het, aan sy wondertekens en die oordele van Sy mond, o nageslag van Abraham, sy kneg, o kinders van Jakob, sy uitverkorenes! Hy, Yahweh, is onse Elohiem; oor die hele aarde is Sy oordele. Hy dink vir ewig aan sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte - die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, en Sy eed aan Isak; wat Hy ook vir Jakob as insetting bekragtig het, vir Israel as 'n ewige verbond, met die woorde: Ek sal aan jou die land Kanaan gee, julle aangewese erfdeel.

2) DIE LAND - Die tweede aspek van die verbond wat Yahweh met Abraham gesluit het.

Gen 12:6-7 En Abram het deur die land getrek na die plek Sigem, tot by die terpentynboom More. Die Kanaäniete was toe in die land. Daarop verskyn Yahweh aan Abram en sê: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee. Toe bou hy daar 'n altaar vir Yahweh wat aan hom verskyn het.

Die land van Kanaan (later genoem Israel) was deel van die verbond wat Yahweh gegee het aan die nakomelinge van Abraham deur Isak en Israel.

Gen 13:14-16 En Yahweh sê vir Abram nadat Lot van hom geskei het: Slaan tog jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste; want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid. En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat as iemand die stof van die aarde kan tel, jou nageslag ook getel kan word.

Dit was dieselfde land waarna Josua, dienskneg van Moses, die kinders van Israel, 430 430 jaar later geneem het.

Deut 34:1-4 Toe het Moses opgeklim uit die vlaktes van Moab na die berg Nebo, die top van Pisga wat teenoor Jérigo lê; en Yahweh het hom die hele land, Gilead tot Dan toe, laat sien; en die hele Náftali en die land Efraim en Manasse en die hele land Juda tot by die Westelike See; en die Suidland en die Jordaan streek, die laagte van Jérigo, die palmstad, tot by Soar. En Yahweh het vir hom gesê: Dit is die land wat Ek aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het met die woorde: Aan jou nageslag sal Ek dit gee; Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy sal daarheen nie oortrek nie.

Die belofte wat aan die Huis van Israel gemaak was is 'n ewige lewe in die fisiese land, Israel. Yahweh het nooit aan die mensdom belowe dat ons die hemel of enige ander plek sou beërwe nie. Diegene wat waardig gevind word om saam met die Messias van Israel, in Sy millennium Koninkryk te regeer, sal op aarde vanuit die fisiese land van Israel, in die stad Jerusalem regeer.

Op 5:10 en het ons konings en priesters vir ons Elohiem gemaak, en ons sal as konings op die aarde regeer.

Miga 4:1-2 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van Yahweh vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en na die huis van die Elohiem van Jakob, dat Hy ons in Sy weë kan leer en ons in Sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die Torah uitgaan en die Woord van Yahweh uit Jerusalem.

Jes 11:6-10, 12 en 16, "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele afgesonderde berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van Yahweh soos die waters die seebodem oordek. En in daardie dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal voortreflik wees.

en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is,

en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde. En daar sal 'n grootpad wees vir die oorblyfsel van Sy volk wat oorbly uit Assur, soos daar een gewees het vir Israel op die dag toe hulle uit Egipteland opgetrek het.

3) DIE TORAH - Die Woord Yahweh wat vir ewig vasstaan en nooit verander nie.

Ps 111:6-10 Hy het die krag van Sy werke aan Sy volk bekend gemaak, deur hulle die erfdeel van die heidene te gee. Die werke van Sy hande is trou en reg; al Sy bevele is betroubaar. Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig; uitgevoer in trou en opregtheid. Hy het aan Sy volk verlossing gestuur; Hy het Sy verbond vir ewig ingestel; Sy Naam is afgesonder en vreesaanjaend. Die vrees van Yahweh is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid.

Ps 19:7-11 Die Torah van Yahweh is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van Yahweh is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevele van Yahweh is reg: hulle verbly die hart; die gebod van Yahweh is suiwer: dit verlig die oë. Die vrees van Yahweh is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van Yahweh is waarheid - tesame is hulle regverdig. Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop. Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.

Spr 7:1-3 My seun, onderhou my woorde en bewaar my gebooie by jou; onderhou my gebooie, dan sal jy lewe, en my onderwysing soos jou oogappel; bind hulle aan jou vingers, skryf hulle op die tafel van jou hart.

Jos 1:8 Hierdie boek van die Torah mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel ooreenkomstig alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

Mal 3:6 Want Ek, Yahweh, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.

Toe die kinders van Israel die Beloofde Land betree het, was hulle beveel om die Torah te gehoorsaam en so lank in die land te bly leef. Yahweh, die Skepper van die heelal, verander nie soos wat mens verander nie en Sy Torah is vir ewig; die beloftes van seëninge vir

gehoorsaamheid en vloeke vir ongehoorsaamheid staan net so vas vandag as wat dit gestaan het vir die eertydse Israeliete.

Lev 26:2-4 My Sabbatte moet julle hou en My afgesonderde plek ontsien. Ek is Yahweh. As julle in My insettinge wandel en My gebooi hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee.

Indien hulle geweier het om die Torah te gehoorsaam, sou die resultaat die volgende wees:

Lev 26:14-21 Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooi nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel my verordeninge verag, sodat julle nie al my gebooi doen nie en my verbond verbreek dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor julle vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie. En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie. En as julle jul teen My verset en na My nie wil luister nie, sal Ek meer plaë op julle lê, sewevoudig ooreenkomstig julle sondes.

Die Israeliete het die Torah van Yahweh nie gehoorsaam nie, dit verwerp en daarom as straf was hulle vir 2,520 jaar uit die land van Israel verban.

Eseg 20:2-3 Toe het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê: Seun van Adam, praat met die oudstes van Israel en sê vir hulle: So sê die Meester Yahweh: Kom julle om My te raadpleeg? So waar as Ek leef, gewis, Ek laat my deur julle nie raadpleeg nie, sê die Meester Yahweh.

Eseg 20:19-24 Ek is Yahweh julle Elohiem; wandel in My insettinge en onderhou My verordeninge en doen dit. En sonder My Sabbatte af; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek Yahweh julle Elohiem is. Maar die kinders was rebels teen My: hulle het nie gewandel in My insettinge en My verordeninge nie onderhou om dit te doen nie - wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; hulle het my Sabbatte ontwy. Toe het Ek gesê dat Ek My gramskap oor hulle sal uitgiet, om My toorn te laat uitwoed teen hulle in die woestyn. Maar Ek het My hand teruggetrek en gehandel ter wille van My Naam, dat dit nie ontwy sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitgelei het nie. Tog het Ek My hand vir hulle opgehef in die woestyn, dat Ek hulle sal versprei onder die nasies en hulle sal verstrooi in die lande; omdat hulle My verordeninge nie gehou het nie, maar My insettinge verwerp het en My Sabbatte ontwy het en hulle oë agter die drekgode van hulle vaders aan was.

Ongeveer 723-722 voor Messias is 'n gedeelte van die noordelike stamme van Israel in ballingskap na Assirië weggevoer terwyl ander gevlug het na "Carthage", "Parthia" en lande van Europa. Die suidelike stam van Israel het hoofsaaklik uit Juda (die Jode) en Benjamin bestaan en was in ballingskap weggevoer na Babilon vanaf 605 tot 573 voor Messias. Maar dit is nie die einde van die storie nie.

Mal 3:6 Want Ek, Yahweh, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.

Yahweh is nie soos die mens nie; Hy sal nooit teruggaan op Sy beloftes nie en dit is onmoontlik vir Hom om 'n leuen te vertel. Wanneer Hy 'n belofte maak, kan jy daarop staatmaak dat Hy daardie belofte sal vervul. "Dabar" beteken "belofte" in Hebreeus en is dieselfde woord vir "praat" met ander woorde wat jy ook al gespreek het of van praat, moet jy uitvoer. Dit is waarom Israel vandag, na meer as 2000 jaar 'n nasie is. Yahweh die Skepper van die heelal en die Elohiem van

Israel het 'n belofte aan die Patriarg Abraham gemaak (byna 3800 jaar gelede) dat die mensdom verlossing sou ontvang deur Sy beloofde saad.

Luk 1:68-75, 77 Geseënd is Yahweh, die Elohiem van Israel, omdat Hy Sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het, en 'n horing van verlossing vir ons opgerig het in die huis van Dawid, Sy kneg - soos Hy gesê het deur die mond van sy afgesonderde profete van ouds af - redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat, om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy afgesonderde verbond te dink, aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien, in afgesonderdheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe. om kennis van verlossing aan Sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes,

Die mensdom het van genade guns verval sedert Adam en Eva ons Hemelse Vader se wet in die Tuin van Eden verwerp het. Die Almagtige Vader het 'n geregtelike orde sedert die begin van die skepping gehad in terme van hoe dinge gedoen moet word, die verloop van tyd asook die omwenteling van die son, maan en aarde, sodat ons weet wanneer 'n nuwe dag, maand en jaar begin.

Net so het Yahweh 'n geregtelike orde vir voedsel ingestel. Sekere voedselsoorte was uitgewys as voordelig om te eet, soos vrugte, groente en verskeie plantsoorte, terwyl ander as afskuwelik uitgewys was soos die vark en die rot. Alles wat die Almagtige Vader gemaak het was goed en niks wat Hy geskape het moes verander word nie. Daar is sekere Hebreeuse woorde wat alleenlik vir Elohiem gebruik word; een van die woorde is “*barah*” wat beteken “*om te skep*”. Jy sal nooit die woord “*barah*” in die Skrif lees waar dit vir 'n mens gebruik word nie. Mense is nie skeppers nie, maar hulle word geskape. Die verantwoordelikheid aan die mens gegee na die Skeppings week was om die Skepping te bewaar soos dit geskape was en nie om dit te verander soos hy goeddink nie. Dit was Yahweh se geregtelike orde met die Skepping.

Die oomblik toe Adam en Eva vir hulself besluit watter voedsel goed was om te eet, het hulle in werklikheid Yahweh se leierskap en geregtelike orde oor hulle verwerp. Hulle wou die skeppers wees, 'n rol wat Yahweh nie aan hulle toegewys het nie en ook nie die rede hoekom hulle geskape was nie.

Die heel eerste Messiaanse Skrifgedeelte kom voor direk na die sondeval van Adam en Eva.

Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Vanaf daardie oomblik was dit geprofeteer dat Yahweh Satan sou verslaan omdat hy die mensdom in versoeking gelei het om te val. Die profesie sou bewaarheid word deur een bloedlyn, naamlik Abraham, Isak, Israel en later deur Koning Dawid tot die geboorte van Yahshua die Messias.

Die mens het Yahweh nie volkome vertrou met elke besluit wat hy maak nie, daarom het hy geval. Dit neem geloof om ten volle te vertrou dat elke woord van die Skrif deur Yahweh geïnspireer is en ook in ons lewens nuttig is.

2 Tim 3:16-17 Die hele Skrif is deur Yahweh ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van Yahweh volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Matt 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van Yahweh uitgaan.

Abraham het sy geloof in Yahweh sy Elohiem bewys deurdat hy alles nagevolg het wat die Vader vir hom gesê het sonder om enigsins Sy woord te bevraagteken, selfs tot die punt waar hy sy seun, Isak moes offer.

Heb 11:17-19 Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word - want hy het gereken dat Yahweh mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te praat, terug ontvang.

Abraham het Yahweh volkome vertrou, sy geloof in die Almagtige Vader onwrikbaar! Glo my, dit was nie blinde geloof nie. Abraham sou nie sy seun doodmaak as hy nie daarvan oortuig was dat Yahweh, soos geskryf in *Heb 11:19* "...Isak sy seun uit die dode..." sal opwek nie. Abraham se geloof was so groot en onwrikbaar dat dit vir ons tot toeganklike voorbeeld dien van dit wat Yahweh die Vader sou uitvoer deur *Sy enigste Seun* op te offer. Abraham het nie alleenlik geloof in Yahweh getoon nie, maar ook geloof in die verwekking en opstanding vanuit die dood, met die gevolg dat Isak 'n prototipe van die Messias van Israel was.

Gen 22:6-8 En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak gesit, en die vuur en die mes in sy hand geneem. So het hulle twee dan saam geloop. Toe praat Isak met sy vader Abraham en sê: My vader! En hy antwoord: Hier is ek, my seun! En hy sê: Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer? En Abraham antwoord: Elohiem sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun. So het hulle twee dan saam geloop. Toe hulle kom op die plek wat Elohiem hom aangewys het, het Abraham daar die altaar gebou en die hout reggelê; daarna het hy sy seun Isak gebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit.

Net soos Yahshua van Nasaret, die enigste ware Messias van Israel sou doen, het Isak die hout op sy rug gedra soos Yahshua die kruishout vir Sy eie teregstelling moes dra. Yahweh sou nie toelaat dat Abraham sy enigste seun offer nie, maar Hy het Abraham se geloof op die proef gestel. Abraham het homself waardig bewys deur te sê dat "*Elohiem sal voorsien*" net so het Yah Yahweh die Allerhoogste Vader gedoen deur *Sy enigste Seun*, Yahshua te stuur om vir die sondes van die mensdom te sterf.

Joh 3:16 Want so lief het Yahweh die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Yahweh se plan van verlossing, sedert die sondeval in die Tuin van Eden, was om die mensdom te verlos en terug te bring na Hom nadat daar gerebelleer was teenoor Sy geregtelike orde wat Hy met die Skepping ingestel het. Dit sou gedoen word deur Sy BoodsAPPER en Regterhand te stuur om die straf van die mensdom se sondes te betaal.

Jes 59:1-2 Kyk, die hand van Yahweh is nie te kort om te help nie, en Sy oor is nie te toe om te hoor nie; maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle Elohiem, en julle sondes het Sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

Jes 59:11-17 Ons brom almal soos bere, en soos duiwe kir ons aanhoudend; ons wag op reg, maar dit is nie daar nie; op verlossing - dit bly ver van ons. Want ons oortredinge is baie voor U, en ons sondes getuig teen ons; want ons oortredinge staan voor ons, en ons ongeregtighede - ons ken hulle: die afval en verloëning van Yahweh en afwyking van agter onse Elohiem; die uitspreek van verdrukking en oortreding, die opneem en uitstoot van leuentaal uit die hart. So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie. Ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder. Toe het Yahweh dit gesien, en dit was verkeerd in sy oë dat daar geen reg was nie. En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenbei

tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun. En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van verlossing was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in 'n mantel.

As gevolg van Abraham se onwrikbare geloof het Yahweh hom gekies as die bloedlyn vir die Messias van Israel wat gebore sou word vanuit die saad van sy boesem; en nie net enige saad nie, maar deur die beloofde saad, Isak.

Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is die Messias.

Die beloofde Messias sou kom deur die saad van Abraham deur Isak en Jakob (wie se naam na Israel verander was). Dit is die rede hoekom Yahweh 'n verbondsverhouding met die nasie van Israel alleenlik gesluit het, want dit was deur die belofte van getroue Abraham dat verlossing (*Yahshua*) na die wêreld sou kom deur die nasie van Israel, in die vorm van die Messias vanuit Israel. Die profeet Jesaja het die volgende bekend gemaak aangaande die verlossingswerk van die Messias van Israel:

Jes 42:1 Daar is my Knecht wat Ek ondersteun, My Uitverkorene in wie My siel 'n welbehag het. Ek het My Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring.

Jes 42:6 Ek, Yahweh, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat U hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies,

Yahshua die Messias van Israel sal uiteindelik die hele mensdom verlos; maar alles sal gebeur binne die perke van geregtelike orde. Yahweh het 'n belofte aan Abraham en die seuns van Israel gemaak en Hy sal dit volbring; eerstens om verlossing na die wêreld te bring deur die nasie van Israel, en dan om 'n verbondsverhouding te sluit met alle nasies gedurende die 1000 jaar regering van Yahshua op aarde.

Om werklik te verstaan wat Yahweh besig is om te doen, moet daar gedink word in terme van 'n verbond en NIE godsdiens nie. 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye; elk met 'n spesifieke verpligting wat nagekom moet word. 'n Verbond is 'n heilige verbintenis, waarvan die Bloed verbond die mees heiligste van almal is. Yahweh het 'n verbond met Abraham gesluit, asook die nasie van Israel by die Sinai Berg. Dit is waarom Yahweh sedert Sinai werk met die nasie en nakomelinge van Israel.

Dit beteken nie dat Hy nie omgee vir ander nasies nie, nee, Sy liefde is onvoorwaardelik en sonder perke; maar alles gebeur volgens Sy geregtelike orde. Hy werk eerstens met die nasie van Israel en dan in die millennium Koninkryk van Yahshua sal Hy 'n verbond aangaan met die res van die nasies op aarde.

Amos 3:1 Hoor hierdie woord wat Yahweh oor julle gesê het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipte laat optrek het, naamlik:

Amos 3:2a Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde.

Jes 66:19 En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die verkuslande wat My tyding nie gehoor en My grootheid nie gesien het nie; en hulle sal My grootheid onder die nasies verkondig.

Sag 14:16 En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, Yahweh van die leërs, en om die Huttefees te vier.

In die millennium Koninkryk sal alle nasies die verbondsverhouding met ons Almagtige Vader betree, maar tot dan is Israel die uitverkore nasie om in verbond met Yahweh te wees. Dit beteken nie dat 'n heiden (iemand vanuit 'n ander nasie as Israel) vandag die Nuwe Verbond mag betree nie. In les 1, Toetrede tot die Nuwe Verbond, word in detail bespreek dat 'n heiden ook 'n nasaat van Abraham mag word en in verbondsverhouding met Yahweh mag gaan.

Gal 3:26-28 Want julle is almal kinders van Yahweh deur die geloof in die Messias Yahshua; want julle almal wat in die Messias gedoop is, het julle met die Messias bekleed. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in die Messias Yahshua. En as julle aan die Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

'n Persoon wat volkome glo in die Messias van Israel, in Sy Naam gedoop word; word 'n nasaat van Abraham ('n *Israeliet*) en 'n erfgenaam van die belofte aan Abraham; die ewige lewe in die land van Israel.

Let wel, elke verbondsverhouding in die Skrif is *alleenlik met die Israeliete, die saad van Abraham*. Volgens die Skrif, is daar tot en met die millennium geen verbondsverhouding met die heidene nie; alleenlik wanneer 'n heiden tot bekering kom, gedoop word in die naam van Yahshua en sodoende aansluit by die Huis van Israel.

Jes 14:1 Want Yahweh sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies en hulle in hul land laat vestig; en die vreemdeling sal hom by hulle voeg, en hulle sal hul aansluit by die huis van Jakob.

Rom 15:8-12 En ek sê dat Yahshua die Messias 'n dienaar geword het van die besnydenis ter wille van die waaragtigheid van Yahweh, om die beloftes aan die vaders te bevestig; en dat die heidene ter wille van Sy barmhartigheid Yahweh kan lof toebring, soos geskrywe is: Daarom sal ek U loof onder die nasies en tot eer van U Naam Psalm sing. En ook sê Hy: Verbly julle, o nasies, saam met Sy volk; en ook: Loof Yahweh, alle nasies, en prys Hom, alle volke. En Jesaja sê ook: Die wortel van Isai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop (Jes 10:11).

Die Nuwe Verbond is nie met heidene of met die “kerk” nie, maar met die nasie van Israel.

Heb 8:8-10 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, sê Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipte uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, sê Yahweh. Want dit is die verbond wat Ek na daardie dae sal sluit met die huis van Israel, sê Yahweh: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Vanuit die Skrif word dit bewys dat dit alleenlik die Huis van Israel was wat die Ou Verbond betree het en sodoende die doodstraf sou ontvang vir hul oortredinge. As gevolg daarvan was dit die Huis van Israel wat 'n Messias nodig gehad het om hulle te verlos van die sondes wat hulle onder die Ou Verbond gepleeg het.

Dit is waarom daar soveel verwagtinge gestel was in 'n Joodse Messias gedurende die 1ste eeu NM as gevolg van die nasate van Israel se verbondsverhouding met Yahweh en die feit dat hulle daardie verbond verbreek het. Alleenlik vir die Huis van Israel was die doodstraf as vonnis vir hul oortredinge uitgespreek. Dit beteken nie dat daar geen straf vir die heidene is nie en dat hul sondes ongestraf sal bly nie.

Die Woord sê vir ons: *Rom 5:14a Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, En ook, Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die voortreflikheid van Yahweh,*

Die vraag is nie of heidene gesondig het nie; elke persoon sondig. Die groot vraag is: wat sal die straf (loon) vir daardie sondes wees? Aan die nasie van Israel is dit duidelik wat die loon vir hulle sondes onder die Ou Verbond is.

Eseg 18:4 Kyk, al die siele is Myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun - hulle is Myne; die siel wat sondig, hy moet sterwe.

Israel het 'n kontrak (verbond) met die Skepper gesluit wat hulle nie kon hou nie. Hulle het 'n verbondsbelofte aan Yahweh gemaak dat hulle Sy hele Torah sou gehoorsaam, bestaande uit die Gebooie, die insettinge en die wette.

Deut 27:26 Vervloek is hy wat die Woorde van hierdie Torah nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amein.

Die Israeliete het 'n groot fout begaan om 'n ooreenkoms met Yahweh aan te gaan deur 'n verbond te sluit waarin hulle elke wet van die Torah moes nakom. Indien 'n persoon net een wet oortree het sou hy vervloek wees. Josua het hulle gewaarsku om nie die verbond te sluit nie, want dit is onmoontlik om die hele Torah te bewaar en as gevolg van die maatreëls van die ooreenkoms sou dit vir Yahweh onmoontlik wees om hulle te vergewe wanneer hulle wel gesondig het.

Josua 24:14-27 Vrees dan nou Yahweh en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die afgode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien Yahweh. Maar as dit verkeerd is in julle oë om Yahweh te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die magtiges wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, of die magtiges van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal Yahweh dien.

Toe antwoord die volk en sê: Dit is ver van ons, dat ons Yahweh sou verlaat om ander magtiges te dien; want Yahweh onse Elohiem, dit is Hy wat ons en ons vaders uit Egipte uit die slawehuis laat optrek het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en onder al die volke waar ons dwarsdeur getrek het; en Yahweh het al die volke en die Amoriet, die inwoner van die land, voor ons uit verdrywe. Ook ons sal Yahweh dien, want Hy is onse Elohiem. Maar Josua het vir die volk gesê: Julle kan Yahweh nie dien nie, want Hy is 'n afgesonderde Elohiem, Hy is 'n jaloerse El; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie. As julle Yahweh verlaat en vreemde magtiges dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig, nadat Hy aan julle goed gedoen het. Toe sê die volk vir Josua: Nee, maar ons sal Yahweh dien.

Daarop sê Josua aan die volk: Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself Yahweh gekies het om Hom te dien. En hulle sê: Ons is getuies. Verwyder dan nou die vreemde magtiges wat onder julle is, en neig julle hart tot Yahweh, die Elohiem van Israel. Daarop sê die volk aan Josua: Ons sal Yahweh onse Elohiem dien en na sy stem luister. En op daardie dag het Josua met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle 'n insetting en 'n reg vasgestel in Sigem.

En Josua het hierdie woorde in die Torah van Elohiem geskrywe en 'n groot klip geneem en dit daar opgerig onder die eikeboom wat by die afgesonderde plek van Yahweh is. Toe sê Josua aan die hele volk: Kyk, hierdie klip sal 'n getuie teen ons wees, want hy het al die woorde van Yahweh gehoor wat Hy met ons gepraat het; en hy sal 'n getuie teen julle wees, sodat julle jul Elohiem nie verloën nie.

Die Eerste Verbond, aan die voet van die Sinai Berg gesluit, het nie die vergifnis van sonde ingesluit nie. Onder die Eerste Verbond was die sonde van die nasie, van jaar na jaar bedek deur die offer stelsel van stiere en bokke. Dit was gedoen om die verbond van jaar na jaar te laat aanhou, maar die bloed van stiere en bokke kon nie die sondes wegneem nie; dit het die Israëliete net herinner dat hulle verlossing nodig gehad het deur middel van die Messias van Israel.

Heb 10:1-4 Want die (Levitiese) wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie. Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie. Maar in daardie offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes; want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die (straf van) sonde wegneem.

Die nasie van Israel was in 'n ernstige situasie. Hulle het 'n verbond betree en ooreengekom om Yahweh se wette te gehoorsaam; maar hulle verbondenheid was onmoontlik om te hou. Yahweh se woord is onveranderbaar, daarom moes Hy enduit daarmee volhou al het dit die doodsvonnis oor sy uitverkore nasie geplaas. Yahweh verander nie, is nie 'n leuenaar nie en is nie soos 'n mens wat maklik op sy woord of verbondenheid teruggaan nie. Yahweh sal sy doel bereik soos dit van die begin deur sy woord gespreek en bestem was.

Jes 55:8-11 Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie, sê Yahweh. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë en My gedagtes as julle gedagtes. Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deur vogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal My Woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

Die nasie van Israel was in 'n ongewenste situasie. Die doodsvonnis het oor elkeen se kop gehang; die Ou Verbond het 'n verbond van die dood geword. Hulle enigste hoop was in die Messias van ISRAEL.

Aan die ander kant het die heidense nasies nooit 'n verbondsverhouding met Yahweh gesluit nie. Die verbondsooreenkoms in Deut 27:26 was nie met die heidene nie, daarom word hulle nie vervloek indien hulle een van Yahweh se geboie oortree nie. Alhoewel hulle nie in verbondsverhouding met Yahweh staan nie, beteken dit nie dat hulle nie sondaars is nie. Nee, soos reeds gesê, elke mens (behalwe die Messias van Israel) het gesondig en ontbreek die roem van Yahweh. Dit beteken wel dat Yahweh barmhartig kan wees teenoor die heidene, want Hy het geen ooreenkoms met hulle nie; daarom sal Hy die standaard vir die heidene op die oordeelsdag verlaag en na die goedheid en intensies van hul hart kyk.

Rom 11:31-32 so het hulle ook nou ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat hulle ook barmhartigheid kan ontvang. Want Yahweh het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.

Op die Oordeelsdag sal Yahweh kyk na die intensies van die heidene se hart en hulle daarvolgens seën soos wat hulle naaste liefde aan ander betoon het; asook die wyse waarop hulle sonder medewete Yahweh se Torah bewaar het. Baie heidene steel nie, vertel geen leuens, is eerlik en betroubaar in die handelsbedryf of beroepslewe, behulpsaam, getrou in die huwelik en probeer hul beste sonder kennis van Yahweh ons Elohiem of Sy Torah.

Rom 2:10-16 maar grootheid en eer en vrede vir elkeen wat goed doen, vir die Jood eerste en ook vir die Griek. Want daar is geen aanneming van die persoon by Yahweh nie. Want almal wat

sonder Torah gesondig het, sal ook sonder Torah verlore gaan; en almal wat onder die Torah gesondig het, sal deur die Torah geoordeel word; omdat nie die hoorders van die Torah by Yahweh regverdig is nie, maar die daders van die Torah geregverdig sal word. Want wanneer die heidene, wat geen Torah het nie, van nature die dinge van die Torah doen, is hulle vir hulleself 'n Torah, al het hulle geen Torah nie; omdat hulle toon dat die werk van die Torah in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig, in die dag wanneer Yahweh die verborge dinge van die mense deur Yahshua die Messias sal oordeel, volgens my goeie nuus.

Die groot wit troon oordeel (Op 20:11) is die oordeelsdag (genoem in Rom 2:16) wanneer elke persoon wat nie in hul leeftyd tot die Nuwe Verbond ingelyf was nie geoordeel sal word volgens hul werke, goed en sleg. Die regverdiges sal geseën word op daardie dag en elke persoon sal die Messias van Israel moet aanvaar ten einde die ewige lewe te beërwe.

Op 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor Yahweh sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

Hand 4:10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Yahshua die Messias, die Nasaréner wat julle gekruisig het, maar wat Yahweh uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.

Hand 4:12 En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie. (Die Verlosser se Naam is lewensbelangrik!)

Vir die nasie van Israel lyk dinge bietjie anders. Yahweh het Sy wette aan hulle geopenbaar. Hulle het 'n verbondsverhouding met Hom aangegaan en het Sy seëninge ontvang. Met ander woorde, die Israeliete het 'n groter verantwoordelikheid en sal verantwoording moet doen wanneer hulle geoordeel word omdat hulle geseën was met kennis.

Luk 12:47-48 En daardie dienskneg wat die wil van sy meester geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word; maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slae verdien, sal met min slae geslaan word. En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oovloediger eis.

Tot en met hierdie punt is dit bewys dat elke persoon in die wêreld, die wat reeds gesterf het en die wat nog leef, afhanklik is van die offer wat Yahshua vir ons sondes gedoen het sodat ons die ewige lewe mag erf en saam met Hom in Sy Koninkryk mag heers.

As gevolg van die keuses wat die nasie van Israel gemaak het, in terme van die Eerste Verbond wat hulle met Yahweh gesluit het en die feit dat hulle die verbond gebreek het, hang die doodsvonnis oor hul koppe. Met ander woorde, hulle het die Messias nogsteeds nodig aangesien hulle vir generasie tot generasie onder die verbond van die dood geleef het, daarom nogsteeds afwagting is op die verskyning van die Messias.

Dit is baie belangrik om te let dat die probleem nie die Torah of Yahweh was nie. Die probleem was die onvermoë van die mens om nie die Torah te bewaar onder hul verbondsooreenkoms nie.

Heb 8:8 Want Hy berispe hulle (die fout was met die mense) en sê: Kyk, daar kom dae, sê Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring.

Rom 7:12 Dus is die Torah afgesonder en die gebod is afgesonder en regverdig en goed.

Rom 7:14 Want ons weet dat die Torah geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.

Onder die Eerste Verbond kon die sondes van die Israeliete bedek word op die dag van Yom Kippur. Let wel, die sondes was bedek en oorgedra na die volgende jaar in afwagting op die Messias van Israel wie hul sondes volkome sou verwyder. Selfs die woord "Kippur" beteken "om te bedek" en nie "verwyder" nie. Hul sondes was op daardie dag bedek tot die volgende jaar, maar kon nie weggeneem word totdat die loon (straf) van hul sondes betaal was nie.

Na die sondeval van Adam in die Tuin van Eden was dit nodig om die priesterskap in te stel wat by die oorspronklike Torah (in die Tuin van Eden gegee) bygevoeg moes word. Aanvanklik was daar geen nut vir die priesterskap of die offer sisteem nie, maar met die sondeval het Yahweh die priesterskap ingestel om die gevalle mensdom terug te bring na Hom.

In Afrikaans het die woord "offer" die konnotasie van verlies of om iets af te staan. Die Hebraëuse woord vir "offer" is "Korban" en beteken, "om nader te beweeg deur verhouding."

Yahshua, die Messias van Israel, sou die Hoë Priester van 'n Hemelse orde wees om die mense onder die Ou Verbond te verlos sodat hulle kon terugkeer na hul verbondsverhouding met Yahweh. Yahweh het sodoende 'n oorbruggingsmetode ingestel wat die mense onder die Ou Verbondsooreenkoms van 1445 VM (voor Messias), onder leiding van Moses, kon deurdra totdat die Messias van Israel gebore sou word in 3 NM (na Messias); die instelling van die Levitiese priesterskap. Let wel, toe Yahweh die kinders van Israel uit Egipte uitgelei het, het Hy niks gesê van 'n priesterskap of offer sisteem vir sondes, tot en met die goue kalf insident van Eksodus 32.

Jer 7:21-23 So sê Yahweh van die leërskaare, die Elohiem van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis. Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipte uitgelei het, nie gepraat nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na My stem, dan sal Ek vir julle 'n Elohiem wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.

Oorspronklik was dit die wil van Yahweh dat elke man, wat hoof oor sy gesin was, ook 'n priester moes wees oor sy gesin; maar na die goue kalf insident was Levi alleenlik toegelaat om priesters te wees in plaas van hul Israeliet broeders.

Eks 19:6 En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.

Die Leviete het die Eerste Vrugte van die Seuns van Israel verteenwoordig. Hulle was 'n tydelike priesterskap wat bygevoeg was weens die erns van die seuns van Israel se sondes.

Gal 3:17 Maar ek sê dit: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur Elohiem in die Messias vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie.

Gal 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die Saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur boodskappers beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.

Wat was die enigste wet wat by die Torah bygevoeg was na die Berg van Sinai insident?

Die Levitiese priesterskap. Die verbondsooreenkoms was bekragtig in Eksodus 24. Voor die bekragtiging van die verbond was daar geen sprake van die Levitiese orde of van hul priesterskap wat die mense sou verteenwoordig nie, tot na die verbond bekragtig was in hoofstuk 24. Meeste Christene verkeer onder die wanindruk dat hierdie wet (die Levitiese priesterskap en offer stelsel) insluitend spreek van die Torah en dat die Torah in geheel weggeval het nadat die Messias van Israel gekom het. Dit is ver van die waarheid verwyder en is nog 'n leuen van die duiwel.

Die wet in *Galasiërs 3:19* praat nie van die hele Torah nie, maar wel oor die een deel van die wet wat bygevoeg was weens oortredinge, naamlik die Levitiese priesterskap met sy sonde offer stelsel. Dit is baie maklik om te bewys. Lees *Gal 3:17*. Die wet waarvan daar in vers 19 gepraat word is "die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het," na die verbondsooreenkoms met Abraham gesluit was. Die wet in vers 19 het nie bestaan in Abraham se dae nie, maar was wel 430 jaar later bygevoeg by die Sinai berg. Dit dien as bewys dat daar nie in *Gal 3:19* van die Torah gepraat word nie, aangesien Abraham deur Yahweh geseën was met die ewige verbondsooreenkoms weens Abraham se gehoorsaamheid aan Yahweh se Torah en dat hy Yahweh se gebooie, verordeninge en insettinge bewaar en geheilig het.

Gen 26:4-5 En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na My stem geluister en My ordening, My gebooie, My insettinge en My Torah onderhou het.

Die Skrif bewys dat die Torah NIE bygevoeg was by die Sinai Berg nie aangesien Abraham dit alreeds 430 jaar vantevore gehoorsaam het. Die enigste wet wat bygevoeg was by Sinai was die Levitiese priesterskap en die offer stelsel. Dit is dan ook die wet wat tot niet verklaar was met die Messias se koms omdat dit nie meer nodig was nie aangesien dit verander sou word van die tipe (Levitiese) na die realiteit (Melgisédek).

In die oorspronklike Hebreeuse Skrif word dit in *Genesis 26:5* verklaar dat Abraham letterlik Yahweh se Torah en gebooie "onderhou" met ander woorde, bewaar het. Abraham se taak was om die Torah te bewaar vir sy seun Isak, wie dit bewaar het vir sy seun Jakob, wie dit aan die 12 stamme van Israel oorgedra het, maar toe hulle gevange geneem was in Egipte het hulle die wette van die Torah verloor, daarom moes dit heringestel word by die Sinai Berg.

Die enigste wet wat nooit aan Abraham gegee was nie, maar wel by die Sinai Berg bygevoeg was, was die Levitiese priesterskap en diere offers wat alleenlik gestand sou bly totdat Messias na die aarde sou kom om die priesterskap van Levi na Melgisédek te verander.

Johannes die Doper was die seun van Sagaría die priester. In Lukas 1 was Sagaría besig om wierook te brand op die altaar toe die gérub Gabriël aan hom verskyn. Die hoë priester of iemand wat in lyn was om hoë priester te word het die alleenreg gehad om so 'n belangrike taak te verrig. Wanneer jy die stamboom van Sagaría nagaan sal jy sien dat hy waarlik vanuit 'n priesterlike lyn afkomstig was en dat Johannes die Doper, 'n regverdige man, volgende in lyn sou wees om Sagaría op te volg as Hoë priester onder die Levitiese orde.

Luk 1:8-9 En terwyl hy besig was om die priesteramp voor Elohiem te bedien in die beurt van sy afdeling, het die lot volgens priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die Afgesonderde Plek van Yahweh en reukwerk te brand.

Johannes die Doper was die laaste van die Ou Verbond profete en die laaste priester van Levi wat wettiglik die reg gehad het tot die Hoë Priesterskap. In sy dag was meeste priesters glad nie Leviete nie, selfs sekere Edomiete soos Herodes kon hul weg in die priesterskap inkoop.

Luk 16:16 Die Torah en die Profete was tot op Johannes; van toe af word die Goeie Nuus van die koninkryk van Yahweh verkondig, en elkeen dring met geweld daarin.

Dit het nie beteken dat die Torah nie meer bindend was na Johannes die Doper nie. Dit beteken eenvoudig dat hy die laaste Ou Verbond profeet was en dat die priesterskap in die Nuwe Verbond verander het na die Melgisédek priesterskap met Yahshua as Hoë Priester. Yahshua moes spesifiek deur Johannes gedoop word, sodat die offisiële oorhandiging van die priesterskap vanaf Levi na Melgisédek, volgens Yahweh se geregtelike orde kon geskied.

Yahweh het bestem dat elke familie hoof 'n priester oor sy eie gesin sou wees en 'n belofte was aan koning Dawid gemaak dat een van sy nasate vir ewig as Koning sou regeer op die troon van Dawid. As gevolg van die mens se sonde het Yahweh die Koningskap van die priesterskap geskei, alhoewel dit nie aanvanklik Sy bedoeling vir die mens was nie. In die millennium Koninkryk sal diegene wat saam met Koning Yahshua, Messias regeer, beide konings sowel as priesters wees.

Op 5:10 en het ons konings en priesters vir ons Elohiem gemaak, en ons sal as konings op die aarde regeer.

Dit is 'n belangrike feit om te onthou. Koning Yahshua, Messias van Israel sal Koning sowel as Hoë Priester wees; nie as 'n Leviet nie, maar onder die hoër orde van Melgisédek.

Heb 7:1-3 Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van Elohiem, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het - hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede; sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewens einde, maar gelykgestel aan die Seun van Yahweh, bly Hy priester voortdurend.

Sag 6:12-13 en sê vir hom dit: So sê Yahweh van die leërskaer: Kyk, 'n Man wie se Naam is Spruit (die Messias!), en Hy sal uit Sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van Yahweh bou. Ja, Hy sal die tempel van Yahweh bou, en Hy sal majesteit verkry en sit en heers op Sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op Sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan. (Koning & Priester)**

Die stad van Dawid was gebou op 'n heuwel wat as die Akra bekend gestaan het. Bo-op die Akra was Salomo se paleis. Effens noord van die Akra was nog 'n heuwel wat as die Ophel bekend gestaan het. Die Tempel (Afgesonderde Plek van Yahweh) was op die Ophel gebou. Tussen die Akra en Ophel was 'n klein vallei geleë wat bekend gestaan het as die Millo, wat in Hebreeus beteken, "op vul." Koning Salomo het die Millo opgevol sodat dit die Akra en Ophel met mekaar verbind het sodat dit een bergagtige reeks gevorm het.

1Kon 9:24 Skaars het die dogter van Farao opgetrek uit die stad van Dawid na haar huis wat hy vir haar gebou het, of hy het Millo gebou.

Dit is die betekenis van *Ps 122:3 Jerusalem wat gebou is soos 'n stad wat goed saamgevoeg is.*

Dit is a-tipies van die Messias van Israel. Yahweh het die mens geskape om beide Koning en Priester te wees, maar met die sondeval het die mens van guns verval. Salomo, 'n tipe van die Messias, het die twee heuwels, die Akra en Ophel saamgevoeg. Die huis van Dawid verteenwoordig die Koning; en die Ophel, waarop die Tempel gebou was, die Priesterskap.

Die Millo was gevul sodat dit opgebou was tot gelyke grond met die Akra en Ophel tot en met een soliede strook. Dit is ook 'n voorstelling van die Messias wat beide koningskap en priesterskap sal

verenig met Sy wederkoms. Let ook dat dit meer as net dit voorstel, soos in Sagaría 6, sal Yahshua ook die Tempel en die Tabernakel van Dawid, wat vernietig was, herbou.

Amos 9:11 In daardie dag sal Ek die vervalde Tabernakel van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd.

Yahweh het sy kinders so lief dat selfs nadat Sy uitverkore volk misluk het om die verbondsverhouding met Hom enduit te heilig en te bewaar; het Hy in Sy barmhartigheid en liefde aan Israel en koning Dawid belowe dat die nasie van Israel en die Huis van Dawid na hul land sal kan terugkeer, sodat Hy 'n nuwe verbond met hulle sluit sodat hul sondes onder die eerste verbond gepleeg deur die Messias betaal kan word.

Jer 31:1-11 In daardie tyd, sê Yahweh, sal Ek vir al die geslagte van Israel 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. So sê Yahweh: Die volk van diegene wat van die swaard vrygekom het, het guns gevind in die woestyn, op weg om sy rus te geniet, naamlik Israel. Yahweh het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid. Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! Jy sal jou weer versier met jou tamboeryne en uittrek in die koordans van die spelers. Jy sal weer wingerde plant op die berge van Samaría; die planters sal plant en die vrugte geniet. Want die dag is daar dat die oppassers op die berge van Efraim roep: Maak julle klaar en laat ons optrek na Sion, na Yahweh onse Elohiem.

Want so sê Yahweh: Jubel oor Jakob van vreugde, en juig oor die hoof van die nasies; laat dit hoor, sing lof en sê: o Yahweh, verlos U volk, die oorblyfsel van Israel! Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde; blindes en lammes, swangeres en barendes onder hulle, almal saam; in 'n groot vergadering sal hulle terugkom hiernatoe. Hulle sal kom met geweën, en met smeking sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel 'n Vader, en Efraim is My eersgeborene. Hoor die woord van Yahweh, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde. Want Yahweh het Jakob losgekoop en hom verlos uit die hand van hom wat sterker was as hy.

Jer 31:31-34 Kyk, daar kom dae, sê Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op daardie dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipte uit te lei nie - My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was, sê Yahweh. Maar dit is die verbond wat Ek na daardie dae met die huis van Israel sal sluit, sê Yahweh: Ek gee My Torah in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken Yahweh; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, sê Yahweh; want Ek sal hulle ongeregtheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Yahweh die Skepper van die heelal het in Sy Woord belowe dat, selfs al was die nasie van Israel ontrou en al het hulle nie hul kant van die verbond eerbiedig nie, sal Hy hul getroue Vader bly; hulle barmhartig wees en hulle na hul vaderland terugneem. Yahweh het aan Sy belofte gestand gedoen en selfs Sy Regterhand BoodsAPPER gestuur om die straf vir hul sondes te betaal wat nie deur die Torah, onder die eerste verbond vergewe kon word nie.

Hand 13:38-39 Laat dit dan aan julle bekend wees, broers, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie.

2 Tim 2:13 As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.

Die rede hoekom die Messias as Verlosser na Israel moes kom, was om die straf vir hul sonde te betaal wat onder die eerste verbond gepleeg was wat nie deur die Torah vergewe kon word nie. As gevolg van Yahweh se onmeetbare liefde vir Sy uitverkore volk, Israel het Hy hulle verlos, aangesien Hy nie van plan was om Israel te verstoot en 'n verbond met die heidene of die kerk te sluit nie.

Rom 11:1-2a Ek vra dan: Het Yahweh miskien Sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin. Yahweh het Sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie.

Deel 2 - Wie is die Messias van Israel?

Die eerste deel van die boek het gefokus om te verduidelik hoekom die Messias van Israel na die aarde moes kom. Die tweede deel van die boek fokus op die profesieë vanuit die Skrif wat ongetwyfeld sal bewys wie die Messias van Israel is.

Jes 42:1-4 Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie My siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring. Hy sal nie skreeu of uitroep of Sy stem op die straat laat hoor nie. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring. Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy die reg op aarde gegrond het nie; en die eilande wag op Sy leer.

Eerstens, Yahshua die Messias van Israel het die Torah omhoog gehou. 'n Vals messias verkondig dat die Torah weggedoen is; al doen daardie persoon sekere wonder tekens as hy dit sê is hy duidelik nie die ware Messias van Israel nie.

Deut 13:1-5 As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander magtiges aan loop - wat jy nie geken het nie - en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van daardie profeet of na daardie man wat as dromer optree nie; want Yahweh julle Elohiem beproef julle om te weet of julle werklik Yahweh julle Elohiem liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet Yahweh julle Elohiem navolg en Hom vrees en Sy gebooie hou en na Sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. Maar daardie profeet of daardie man wat as dromer optree, moet doodgemaak word, want hy het afval verkondig van Yahweh julle Elohiem wat julle uit Egipte uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat Yahweh jou Elohiem jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.

Het Yahshua van Nasaret verkondig dat die Torah ontbind het? Eerstens moet ons verstaan dat die Christene se konsep van die Torah wat weggedoen was, totaal onskriftuurlik is en nooit deur Yahshua van Nasaret verkondig was nie. Indien Yahshua sou verkondig dat die Torah ontbind het, kon Hy nie die ware Messias wees nie. Moenie glo in die woord van die mens nie, maar glo wel in Yahshua se eie woorde en dit wat hy gesê het aangaande die Torah.

Matt 5:17-20 Moenie dink dat Ek gekom het om die Torah of die Profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die Torah ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense so leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Meer duidelik as dit kan dit nie gestel word nie. Yahshua het nooit gesê dat die Torah ontbind word nie; juis die teenoorgestelde, die Torah sal vir ewig gestand bly. Die gehelleniseerde, Christelike Jesus wat geskets word as iemand wat die Torah ontbind het, is nie dieselfde Hebreeuse Yahshua van Nasaret nie. Hy was 'n Jood vanuit die Huis van Dawid, wat gekom het om die Torah te vervul.

In die Skrif is daar honderde bewyse dat Yahshua van Nasaret die beloofde Messias van Israel is.

Miga 5:2 En jy, Bethlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.

Was Yahshua van Nasaret in Bethlehem gebore?

Matt 2:1 En toe Yahshua te Bethlehem in Juda gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aangekom,

'n Interessante punt om na te let is dat Bethlehem vandag 100% deur Arabiere beset word. Indien die Messias van Israel nog nie gebore was nie, sou Hy as Jood definitief nie vandag in Bethlehem gebore word wat 100% deur Arabiere beheer word nie.

Wat anders is geprofeteer oor die bloedlyn van die Messias van Israel?

Ps 89:3-4 Ek het 'n verbond gesluit met My uitverkorene, met 'n eed aan Dawid, My kneg, belowe: Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag bevestig en jou troon opbou van geslag tot geslag. Sela.

Jes 11:1-2 Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van Yahweh rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van Yahweh.

Was Yahshua 'n Jood vanuit die stam van Dawid?

Matt 1:1 Die geslagsregister van Yahshua die Messias, die seun van Dawid, die seun van Abraham:

Die Tempel en daarmee saam alle rekords van die nageslagte en stambome was vernietig in 70 NM. Alhoewel moderne DNA toetse gedoen kan word om vas te stel of iemand van Joodse herkoms is, kan niemand vandag wettiglik hul stamboom tot by Koning Dawid nagaan nie, omdat die rekords vernietig was. Dus is dit duidelik dat die Messias van Israel gebore moes word voor die vernietiging van die Tempel in 70 NM.

Mal 3:1 Kyk, Ek stuur My boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na Sy tempel kom die Meester na wie julle soek, naamlik die Boodskapper van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê Yahweh van die leërskaare.

Ook volgens *1 Konings 5:5* sal die Messias van Israel 'n nakomeling van Dawid deur Natan se bloedlyn wees, en nie deur Salomo nie.

1 Kon 5:5 En kyk, ek is van plan om vir die Naam van Yahweh my Elohiem 'n huis te bou soos Yahweh met my vader Dawid gepraat en gesê het: Jou seun, wie Ek sal aanstel (Natan) in jou plek op jou troon, hy sal die huis vir My Naam bou.

Die Hebreeuse woord vir “aanstel” is die woord “natan”. Hierdeur sê Yahweh dat die bloedlyn van die Messias nie deur Salomo, maar deur die troonopvolger, Natan, sy broer, sou kom.

Luk 3:31 die seun van Meléas, die seun van Mainan, die seun van Máttata, die seun van Natan, die seun van Dawid,

Die bloedlyn van Salomo gaan deur die vervloekte lyn van Jegónja, oor wie Jeremia geprofeteer het dat hy nooit 'n seun sou hê om op die troon van Israel te sit nie, daarom sou die Messias van Israel nie deur Salomo se bloedlyn gebore word nie.

Jer 22:28 Is hierdie man Gonja 'n veragte, verbryselde voorwerp, of 'n ding waar 'n mens geen behae in het nie? Waarom is hy en sy geslag weggeslinger en weggewerp in 'n land wat hulle nie ken nie?

Jer 22:30 So sê Yahweh: Skryf hierdie man op as kinderloos, 'n man wat nie voorspoedig sal wees in sy dae nie; want niemand van sy geslag sal so voorspoedig wees om te sit op die troon van Dawid en nog oor Juda te heers nie.

Die Hebreuse Messias sou vanuit 'n maagd gebore word.

*Jes 7:10-17 En Yahweh het verder met Agas gesprek en gesê: Eis vir **jou** 'n teken van Yahweh jou Elohiem: sak diep af na die doderyk, of klim hoog op boontoe. Maar Agas het geantwoord: Ek sal nie eis nie en Yahweh nie versoek nie. Toe sê hy: Luister tog, o **huis van Dawid!** Is dit vir **julle** nie genoeg om mense te vermoei, dat **julle** my Elohiem ook vermoei nie? Daarom sal Yahweh self aan **julle** 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem. Dikmelk en heuning sal hy eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is. Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings **jy** bang is, verlate wees. Maar Yahweh sal oor **jou** en **jou volk** en die huis van **jou vader** dae laat kom soos daar nie gekom het van die dag dat Efraim van Juda afgeval het nie—die koning van Assur!*

Om die bogenoemde Skrif te verstaan moet daar na die enkelvoud en meervoud van die volgende woorde in die bogenoemde Skrif gelet word, verder is Jesaja 7:13 & 14 Messiaanse byvoegings wat nie vir koning Agas bedoel was nie, maar wel die beloofde Messias.

Jesaja 7: 11, 16, en 17 die woord "**jou**" word in die enkelvoud gebruik aangesien daar direk met Agas gepraat word; maar in verse 13 en 14 verwys die "**julle**" na die meervoud aangesien daar met die nasie gepraat word.

Die Hebreuse woord "*Almah*" word alleenlik gebruik wanneer daar gepraat word van 'n jong, vroulike maagd wat nog nooit omgang met 'n man gehad het nie. In die oorspronklike Hebreuse manuskrip word dit geskryf as "ha almah", in Afrikaans vertaal as 'die maagd'. In Hebreus, wanneer die definitiewe artikel "*die*" saam met die woord maagd uitgespreek word, verwys dit nie na enige maagd nie, maar na een spesifieke maagd, die moeder van Yahshua, Miriam.

Wanneer jy kyk na die konteks van die bogenoemde Skrif is dit duidelik dat die profesie gerig is aan die huis van Israel wat in ballingskap sou gaan en dat 'n belofte en 'n teken aan die Huis of Troon van Dawid steeds deur Yahweh eerbiedig sou word.

Die feit dat Yahshua vanuit die maagd, Maria gebore was, is 'n onvermydelike teken dat Yahweh die wonderwerk laat plaasvind het deurdat Yahshua deur die Heilige Gees (Ruag Ha Kodesh) voortgebring was. Die teken wat in Jes 7:14 gegee word is dat "*die maagd*" ("ha almah") *sal swanger word en 'n seun baar*", met ander woorde, dit kon nie 'n normale bevrugting tussen man en vrou wees nie, want die teken is juis 'n bo-natuurlike verskynsel deurdat die maagd deur die Ruag ha Kodesh van Yahweh sou swanger word.

Luk 1:26-35 En in die sesde maand is die boodskapper Gabriël deur Elohiem gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Nasaret, na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria (Miriam). En die boodskapper het by haar binnegekome en gesê: Wees gegroet, begunstigde! Yahweh is met jou; geseënd is jy onder die vroue. En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daarvoor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken.

En die boodskapper sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria (Miriam), want jy het guns by Elohiem gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom YAHSHUA noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en Yahweh Elohiem sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan Sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. Toe sê Maria (Miriam) vir die boodskapper: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die boodskapper antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van Elohiem genoem word.

Yahshua is die Seun van Yah Yahweh die Almagtige Vader.

Spr 30:4 Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in Sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam? En wat is die Naam van Sy Seun - as jy dit weet?

*Ps 2:2-12 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen Yahweh en teen Sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Hy wat in die hemel woon, lag; Yahweh spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in Sy gramskap sal Hy hulle verskrik: Ek tog het My Koning gesalf oor Sion, My heilige berg. Ek wil vertel van die besluit: Yahweh het aan My gesê: **U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.** Eis van My, en Ek wil nasies gee as U erfdeel en die eindes van die aarde as U besitting. U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot. Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! Dien Yahweh met vrees, en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan Sy toorn ontvlam. Geseënd is almal wat by Hom skuil!*

Die bogenoemde Skrif gedeeltes is konkrete bewyse dat die Messias nie Yah Yahweh die Vader is nie, maar Sy Seun wat gekom het om die straf vir die sondes van Israel onder die Eerste Verbond te betaal, asook die sondes van die hele mensdom.

*Joh 3:16 Want so lief het Yahweh die wêreld gehad, **dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.***

Onder die Eerste Verbond was daar geen vergifnis vir moord, afgodery of egbreek nie; die straf was die doodsvonnis. Selfs nie eens op Yom Kippur kon hierdie sondes bedek word nie. Yahshua het gekom om die Torah te vervul daarom het Hy bewys dat sonde in die gedagtes begin. Net om kwaad te raak vir iemand is soos om iemand in die gedagtegang of in jou hart te vermoor; en selfs net die gedagtes van wellus van 'n vrou is om reeds met haar in jou hart egbreek te pleeg. Yahshua het bewys dat almal skuldig is aan sonde en ter dood veroordeel kan word volgens die verbond wat Moses by die Sinai Berg gesluit het.

Hand 13:38-39 Laat dit dan aan julle bekend wees, broers, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die Torah van Moses nie geregverdig kon word nie.

Yahshua, Seun van Yahweh die Vader, is ons Verlosser. Daar is Verlossing van sonde vir elke mens wat bekeer, wegdraai van daardie sondes (en nie weer terugdraai na die sondes wat bely was nie), aan die offer glo en aanvaar wat Yahshua vir hul aan 'n boom vasgespyker en gefolter was sodat hul sondes ook vergewe is.

Vanuit die Skrif is dit vasgestel dat Messias Yahshua wel die Seun van Yahweh die Vader is, daarom staan dit natuurlik ook om konkreet te bewys dat Hy 'n ewige, geestelike wese sowel as Elohiem is.

Jes 9:6-7 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke El, Ewige Vader, Vredevors - tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor Sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van Yahweh van die leërskaare sal dit doen.

Die woorde, “Want 'n Kind is vir ons gebore,...” bevestig dat die Messias vanuit 'n vrou gebore sou word; maar dit is nie 'n gewone kind nie, aangesien Hy *Wonderbaar, Raadsman, Sterke El, Ewige Vader, Vredevors*” genoem word. In die oorspronklike Hebreeus word Hy “*Pele Yoeitz*” genoem. “*Pele*” word as “*Wonderbaar*” vertaal en word alleenlik gebruik vir Elohiem; nooit vir 'n mens nie. Hy word ook genoem “*Sterke El*”, in Hebreeus “*El Gibbor*”; weereens 'n term wat alleenlik vir Elohiem en nie 'n sterflike mens gebruik word nie.

In Judaïsme word gelowiges in Yahshua gekritiseer omrede Sy volgelinge glo dat Hy (soos die Vader) ook Elohiem is. Die kritiek is ongeldig, as gevolg van die konkrete bewys vanuit die Tanak dat die Messias van Israel ook Elohiem is en nie sommer net 'n gewone, sterflike mens nie. Die Skrif gee geensins voorkeur aan die onskriftuurlike idee dat Yah Yahweh die Vader ook sy eie Seun, Yahshua is nie. Yah Yahweh is die Vader in die Hemel en die bron van alle lewe; maar Hy is nie Sy eie Seun, Yahshua nie. Yahshua is wel die Seun van Yah Yahweh die Vader, maar staan as aparte wese van mekaar. Die Ruag Ha Kodesh verbind die Vader en Seun as “*echad*” 'n eenheid, maar is nie 'n “drie-in-een-igheid” nie. Yahshua het nooit daarop aanspraak gemaak dat Hy die Vader in die Hemel is nie, maar wel die Seun van die Vader in die Hemel. Vanuit die Skrif is dit vasgestel dat Hy ook van bo-natuurlike ewige bestaan is en dat Hy ook Elohiem is.

Yahshua sal regeer gedurende die millennium Koninkryk, terwyl Yah Yahweh die Vader in die Hemelruim sal bly totdat daar niks sonde op aarde sal wees nie.

1Kor 15:22-28 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in die Messias lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling die Messias, daarna die wat aan die Messias behoort by Sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan Yahweh die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al Sy vyande onder Sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan Sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het. En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat Yahweh alles in almal kan wees.

Bewyse vanuit die Skrif wat duidelik wys dat Yahshua nie die Vader in die hemel is nie, maar Sy BoodsAPPER (Malak).

Joh 14:28 Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na My Vader, omdat My Vader groter is as Ek.

Indien Yahshua die Vader in die Hemel is, sou Hy verklaar het dat Hy groter as Hyself is?

Joh 8:17-18 En dit is ook in julle wet geskrywe dat die getuienis van twee mense waar is. Dit is Ek wat van Myself getuig; en die Vader wat My gestuur het, getuig van My.

Joh 1:18 Niemand het ooit Yahweh (die Vader) gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, Hy het Hom verklaar.

Joh 5:37 En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit Sy stem gehoor of Sy gedaante gesien nie.

Niemand het nog ooit Yahweh die Vader gesien of Sy stem gehoor nie. Wie het dan in die brandende bos by die Sinai Berg met Moses gepraat? Wie het in Genesis 18 aan Abraham verskyn? Dit was beslis nie die Vader nie, maar Yahshua, Vader Yahweh se BoodsAPPER en Seun.

Eks 3:2 Daarop verskyn die BoodsAPPER van Yahweh aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En hy het gesien en kyk, die doringbos brand in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!

Die vals leerstelling van die Vader en Seun wat een Wese is, was nooit deur Yahshua verkondig nie en Yahshua se volgelingen van die vroeëre gemeente het dit ook nie geglo nie. As 'n mens eerlik is met jouself en tradisionele leerstellings opsy skuif, is dit onmoontlik om vanuit die Skrif vorendag te kom met die idee dat die Vader en die Seun een en dieselfde Wese is. Ja, hulle deel dieselfde Gees, is een (*echad*) in gedagte, gemoed en liefde, maar hulle is twee afsonderlike Wesens, elk met 'n wil. Die Seun van die Vader het Sy wil vrywilliglik onderworpe gestel aan die wil van Sy Vader in die hemel.

Matt 26:39 En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Joh 5:30 Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

Daar is baie meer Skrif gedeeltes soos hierbo wat wys dat Yahshua met Sy Vader in die Hemel praat en / of verwys na Sy Vader in die Hemel; dit wys duidelik daarop dat Yahshua nooit aanspraak gemaak het dat Hy die Vader in die Hemel is nie, maar alleenlik die Seun van die Vader in die Hemel.

Joh 10:36 sê julle vir Hom wat die Vader afgesonder en in die wêreld gestuur het: U praat lasterlik - omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van Yahweh?

Kom ons kyk na Yahshua se gebed tot die Vader in *Johannes17*, net voor Hy uit die Tuin van Getsémané (Olyfberg) geneem was en ter dood veroordeel sou word.

Joh 17:3-5 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die een, waaragtige Yahweh, en Yahshua die Messias wat U gestuur het. Ek het U groot gemaak op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek vervul. En nou, Vader, verhoog My by Uself met die voortreflikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was. (Duidelik: twee Wesens teenwoordig voor die Skepping).

Joh 17:20-23 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo - dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die voortreflikheid gegee

wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Die eenheid waarvan Yahshua praat is 'n eenheid van gelowiges met dieselfde gemoed deur onderdanig te wees aan die wil van Yahweh. Dit is die eenheid wat Yahshua met Yahweh die Vader het. Niemand kan enigsins vanuit die Skrif bewys dat dit beteken dat Yahweh en Yahshua dieselfde Wese is nie; nie meer as wat enigeen kan sê dat alle gelowiges dieselfde wese is nie. In die "Shema" soos in Deuteronomium 6, word die dualiteit van Yahweh bevestig.

Deut 6:4 Hoor, Israel, Yahweh is ons Yahweh; Yahweh is een.

Die Hebreeuse woord "echad" beteken een, soos die Engelse woord "unit" en word telkemale gebruik om die konsep van 'n eenheid daar te stel.

Genesis 2:24 Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een (echad, Strong's H259) vlees wees.

Sekerlik dink niemand dat 'n man en vrou een persoon word op hul troudag nie. Wanneer die sin gelees word dink 'n mens aan 'n eenheid (echad) in die huwelik, met ander woorde een in gedagte, gemoed en doelwitte. Dit is die verhouding tussen Yahweh die Vader en Yahshua die Seun, Sy BoodsAPPER.

Om lief te hê of om liefde te betoon, verg dat daar twee persone moet wees. Die woord "echad" in *Deut 6:4* verwys duidelik na die dualiteit van Yahweh (Vader en Seun). Indien *Deut 6* gepraat het van Yahweh as 'n letterlike enkel wese, sou die woord "yachid", wat enkel beteken, in plaas van "echad" gebruik word. Die woord "yachid" word gebruik in *Genesis 22*.

Gen 22:1-2 Na hierdie dinge het Elohiem Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste (yachid, Strong's H3173 van H3161), wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.

Nog 'n skrifgedeelte wat totaal en al bewys dat Yahshua nie Yahweh die Vader is nie; dat Hy nooit daarop aanspraak gemaak het nie, maar dat Hy wel die Seun van Yahweh asook Elohiem is.

Markus 13:32 Maar van daardie dag en daardie uur weet niemand nie, ook nie die boodskappers in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.

Die teks spreek boekdele. Dit praat van die Messias se wederkoms; 'n tyd in die toekoms. Yahshua verklaar duidelik dat selfs Hy nie weet watter dag of uur dit gaan wees nie; alleenlik die Vader in die hemel weet. Veronderstel vir 'n oomblik dat Yahshua wel die Vader ook is, hoekom sou Hy so iets verklaar? Lees *Mattheus 19*.

Matt 19:16-17 En daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê? En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik Yahweh. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië.

Indien Yahshua die Vader in die Hemel is, waarom het Hy dit gesê? Die volgende teks bewys dit die duidelikste dat die Vader en Seun inderdaad twee afsonderlike Wesens is, elk met Sy eie wil, alhoewel die Seun Sy wil onderdanig stel aan die wil van Sy Vader sodat Hy 'n volmaakte eenheid met die Vader in die Hemel kan wees.

Matt 27:46 en omtrent die negende uur het Yahshua met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabaghtani? Dit is: My El, My El, waarom het U My hier gelaat?

Indien Yahshua ook die Vader Yahweh is, sou Hy nie gesê het: "...waarom het **U My** verlaat?" Iemand kan tog nie homself verlaat nie. Yahshua het gesterf. Die Almagtige Vader, Yahweh, het Hom uit die dode opgewek. Indien Yahshua ook die Vader was, sou Hy homself moes verwek. Nee, Yahshua was nie Yahweh die Vader nie, maar Hy was Yahweh die Seun.

Die konsep dat Yahweh eintlik Yahshua is en dat Yahshua nie vooraf bestaan het nie, is afkomstig van mense wat nie die Hebreeuse taal verstaan nie, daarom word sekere teksverse in Jesaja verkeerdlik geïnterpreteer, veral die een waar Yahweh verklaar, *Ek Yahweh, Ek alleen*. In Hebreeus beteken hierdie frase "*Ek alleen*" nie een wese nie, maar eerder iets soort gelyk aan 'n tak vanuit die stam van 'n boom.

Niks kan sonder Yahweh die Vader bestaan nie. Hy is die Bron van alle lewe. Dit is presies wat daardie Hebreeuse frase beteken. Elke keer wat die Hebreeuse woord "Elohiem" gelees word, moet die leser in ag neem dat die woord die meervoud aandui. El of Eloah is in die enkelvoud. Waar dit in die Skrif verklaar dat daar geen ander Elohiem behalwe Yahweh is nie, spreek dit van die Yahweh familie, insluitende Yahweh die Vader en Yahshua die Seun. Volgens geregtelike orde, onderwerp die Seun Sy wil aan die wil van die Vader en is onderdanig aan die Almagtige Vader.

*Gen 1:26 En Elohiem het gesê: Laat **Ons** mense maak na **ons beeld**, na **Ons gelykenis**, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

*Gen 3:22 Toe sê Yahweh Elohiem: Nou het die mens geword **soos een van Ons** deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!*

Vanuit die Skepping kan ons die dualiteit van die Yahweh familie sien. Yah Yahweh die Vader en Sy Seun Yahshua Yahweh. Yahweh is die familie-naam van ons Skeppers; albei Skeppers en elke vorm van lewe, die heelal en aarde was geskape met die hulp van die Seun. Niks was sonder Hom geskape nie. Indien Yah Yahweh die Vader is, dan deur die eenvoudige definisie van 'n Vader moet daar 'n Seun wees.

Hier volg nog meer Skrifgedeeltes wat dogmaties bewys dat Yahshua betrokke was met die Skepping.

Prediker 12:1a- En dink aan jou Skeppers (meervoudig in die oorspronklike Hebreeuse teks) in die dae van jou jonkheid

*Joh 1:1-3 In die begin was die Woord, en die Woord was by Elohiem, en die Woord was Elohiem. Hy was in die begin by Elohiem. **Alle dinge het deur Hom ontstaan**, en **sonder Hom het nie een ding ontstaan** wat ontstaan het nie.*

*Kol 1:15-19 Hy is die Beeld van die onsienlike Elohiem, die **Eersgeborene van die hele skepping**; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon.*

Die volgende Skrifgedeelte in Jesaja wys duidelik dat die Messias verklaar dat Hy saam met Yahweh die Vader was gedurende die Skepping.

Jes 48:16 Kom julle nader na My, hoor dit: Ek het van die begin af nie in die geheim gepraat nie; van die tyd af dat dit gebeur, is Ek daar! En nou het die Meester Yahweh My met Sy Gees gestuur.

In die Torah word verklaar:

Eks 21:23-24 Maar is daar 'n letsel, dan moet jy gee lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet,

Dit beteken dat die straf gelykstaande moet wees aan die misdaad. Die lewe van 'n dier is nie gelyk aan die lewe van 'n mens nie. In die Tuin van Eden was die mens oor die dier aangestel, daarom sal dit nooit 'n regverdige straf wees vir iemand wat moord gepleeg het nie. Selfs as iemand sondeloos kon leef, sal daardie persoon alleenlik homself red en nie die ewige lewe aan 'n ander gee nie.

Ese 14:12-14 Verder het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê: Seun van Adam, as 'n land teen My sondig deur troubreuk te begaan, en Ek My hand daarteen uitstrek en die staf van die brood daarvan verbreek en 'n hongersnood daarin stuur, en Ek daaruit mens en dier uitroei - al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, sê die Meester Yahweh.

Ese 14:19-20 Of as Ek pes in daardie land stuur en My gramskap daarvoor uitgiet in bloed, om daaruit mens en dier uit te roei - al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, sê die Meester Yahweh, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red.

Alleenlik die Messias van Israel, mede-Skepper van elke mens en dier op aarde, kwalifiseer om te sterf vir die sondes van die hele mensdom; omdat Hy Skepper is, is Sy lewe meer werd as die som van elke mens wat nog ooit geleef het. Diegene wat nie glo dat Yahshua die Messias van Israel is nie, maar net 'n gewone mens wat nie van die begin af bestaan het nie, glo nie werklik in Yahshua Yahweh, die ware Messias van Israel nie.

Joh 8:24 Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat Ek IS nie, sal julle in jul sondes sterwe.

In die Nuwe Testament is daar ongeveer 14 verwysings in die evangelie waar Yahshua na Homself as "EK IS" verwys; betekende "Ek bestaan." In *Johannes 8:24* sê Yahshua duidelik dat ongelowiges in hul sondes sal sterf indien hulle nie glo dat Hy die "EK IS" nie.

Yahshua Elohiem is sonder begin of einde, Skepper van hemel en aarde, plant, dier en mens. Alleenlik Hy kon kwalifiseer om Messias te wees en betaal vir die straf vir die sondes van die hele mensdom.

Bewys vanuit die Skrif dat die Messias se familienaam, Yahweh is.

*Jer 23:5-6 Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: **Yahweh ons geregtigheid.***

Die Messias van Israel se familienaam is Yahweh, net soos Sy Vader in die hemel. Let wel, dit is Yahweh die Vader wat eerste aan die woord is in vers 5 en sê dat die Messias (vers 6) ook Yahweh genoem sal word.

Die dualiteit van Yahweh en Yahshua, as die Yahweh familie word vanaf Genesis aangedui.

*Gen 19:24 En **Yahweh (Yahshua)**, die Een wie aan Abraham verskyn het in *Gen 18:1*) het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van **Yahweh (die Vader)** uit die hemel.*

Jes 44:6 So sê Yahweh, die Koning van Israel en Sy Losser, Yahweh van die leërskaare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen Elohiem nie.

Weereens sien ons hier dat die Koning van Israel (Yahshua) "Yahweh" genoem word en dat Hy ook 'n Losser het; Yahweh die Vader in die Hemel. Yahweh die Vader en Yahshua die Seun verklaar elk dat daar buiten hulle geen ander Elohiem familie is nie. Sodra mense die eenvoudige konsep van die Yahweh familie begryp, soos wat dit regdeur die Skrif uitgelê word, dan sal dit die verwarring uitskakel van wie Yahweh en wie Yahshua is.

Die verhouding tussen man en vrou was alleenlik deur Yahweh geskape om ons te leer van die geestelike ewige "echad" verhouding tussen Yahweh en Sy Seun Yahshua of Yahweh en Sy kinders. Die eenheid wat veronderstel is om te bestaan in 'n huwelik, naamlik die onderdanigheid van die vrou aan haar man en die onvoorwaardelike liefde wat die man aan sy vrou moet bewys, moet die totale eenheid en liefde voorstel wat Yahweh die Vader en Yahshua die Seun sedert die begin gehad het vir mekaar.

Sedert die begin het Yahshua Homself onderdanig gestel aan die outoriteit en hoofskap van Yahweh die Vader en Hy het Sy wil onderwerp aan die wil van Sy Vader. Daar is geen tweedrag of twis tussen hulle nie; hulle is werklik "echad", verenig in gedagte, gemoed en doel, maar terselfdertyd twee afsonderlike wesens.

Vanuit die Tanak is dit bewys dat die Messias van Israel nie Yahweh die Vader is nie, maar wel Seun van Yahweh en ook Elohiem; en dat Hy sedert die begin, saam met Yahweh die Vader bestaan het. *Miga 5:2* bewys dat die Messias in Bethlehem gebore sou word en dat Sy dae "van die ewigheid" af was. In die oorspronklike Hebreeus, "Ha'Olam", geen begin of einde (Strong's H5769).

*Miga 5:2 En jy, Bethlehem **Éfrata**, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en **sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.***

Bewyse vanuit die Nuwe Testament dat die Messias van die begin bestaan het.

Joh 17:5 En nou, Vader, verhoog My by Uself met die voortreflikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

Joh 3:13 En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.

1Joh 1:1-2 Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe - en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is;

Die Griekse werkwoord vir “was” beteken letterlik “om altyd te bestaan en nie om te ontstaan nie”. Die Messias was nie die Vader Yahweh nie, maar Hy het altyd saam met die Vader bestaan.

Ps 110:1-6 Yahweh het tot my Adonai gepraat: Sit aan My regterhand, totdat Ek U vyande maak 'n voetbank vir U voete. U magtige septer sal Yahweh uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van vyande. U volk sal baie gewillig wees op die dag van U krygsmag; in afgesonderde feesgewade, uit die moederskoot van die daglig sal vir U wees die dou van U jong manskappe. Yahweh het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig ooreenkomstig die orde van Melgisédek. Yahweh aan U regterhand verbrysel konings op die dag van Sy toorn. Hy sal 'n strafoplegging hou onder die nasies; Hy maak dit vol dooie liggame; Hy verbrysel 'n hoof oor 'n groot land.

In hierdie Messiaanse Skrifgedeelte is dit duidelik dat daar twee Yahweh's aanwesig is. Yah Yahweh die Vader in die Hemel en Yahshua Yahweh die Seun; wat aan die regterhand van die Vader sit en wie konings op die oordeelsdag sal verbrysel.

Let wel dat die Hebreeuse woord “Adonai” wat meestal in Afrikaans vertaal was as “Here”, word nooit gebruik om na 'n gewone mens te verwys nie, andersins sou die woord “Adon” of “Adonee” gebruik word.

Nog 'n Skrifgedeelte wat wys dat die Messias van Israel ook Elohiem is.

Ps 45:2-3 U is baie skoner as die seuns van Adam; guns is uitgestort op U lippe; daarom het Elohiem U geseën vir ewig. Gord U swaard aan die heup, o held, U majesteit en U voortrefflikheid.

*Ps 45:5-7 (45:6-8) U pyle is skerp (volke val onder U!); hulle tref in die hart van die Koning se vyande. **U troon, o Elohiem**, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer. U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o Elohiem, u Elohiem U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.*

In vers 7 word **die Messias “Elohiem” genoem** en in vers 8 verklaar dit dat **die Elohiem** van die **Elohiem in vers 7 (die Messias)** Hom **sal seën**. Die **Messias van Israel** is nie **Yahweh die Vader nie**, maar Sy Seun wat ook die BoodsAPPER (Malak) van Yahweh is in die Tanak (Ou Testament).

Eks 3:2 Daarop verskyn die BoodsAPPER van Yahweh aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En hy het gesien en kyk, die doringbos brand in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!

Eks 23:20-21 “Kyk, Ek stuur 'n BoodsAPPER voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. Neem jou in ag vir Hom en luister na Sy stem; wees nie rebels teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want My Naam is in Hom.” (Yah-shua, Yahweh is verlossing)

Die Hebreeuse woord vir boodskapper is “malak”. Die woord “malak” word meestal vertaal as engel, want in die Skrif kan 'n engel of mens 'n boodskapper wees, maar op geen manier word daar in die Skrif voorgestel dat “DIE BOODSKAPPER” van Yahweh, wie die Messias was, 'n engel was nie. Die Skrif is baie duidelik dat Yahshua die Messias is, asook die BoodsAPPER van Yahweh was, maar nie 'n engel nie.

Heb 1:1-5 Nadat Yahweh baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gepraat het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gepraat deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van Sy voortrefflikheid en die afdruksel van Sy wese en alle dinge dra deur die woord van Sy krag, nadat

Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die boodskappers (engele) namate Hy 'n voortrefliker Naam geërf het as hulle. Want aan wie van die boodskappers (engele) het Hy ooit gesê: U is My Seun, vandag het Ek U gegeneer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?

Heb 1:13-14 En aan watter een van die boodskappers (engele) het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek U vyande gemaak het 'n voetbank van U voete? Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die verlossing sal beërwe nie?

Die Messias van Israel was nie 'n engel nie, maar wel die BoodsAPPER van Yahweh vanuit die Tanak. Hy was saam met Yahweh sedert die begin tot in alle ewigheid en die Vader metgesel sedert die skepping.

Sag13:7 Ontwaak, o swaard, teen My Herder, en teen die Man wat My metgesel is! sê Yahweh van die leërskaare. Slaan die Herder, sodat die skape verstrooi word; en Ek sal My hand weer uitstrek oor die geringes.

Die belangrikheid van die Hebreeuse naam, Yahshua, in plaas van die Griekse naam Jesus was in die begin van die boek verduidelik. Wanneer die Skrif in die oorspronklike Hebreeuse Geskifte gelees word, sal jy sien dat die Naam Yahshua (*Yah-shua, Yahweh is verlossing*) verpersoonlik is.

Hand 4:10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Yahshua die Messias, die Nasarener, wat julle gekruisig het (aan 'n boom gespyker het), maar wat Elohiem uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.

Hand 4:12 En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie. (Hoe belangrik, die Verlosser se Naam!)

Die Hemelse Vader het deur Sy Woord in die oorspronklike Hebreeus, duidelik geopenbaar wat die Naam van die Messias van Israel sou wees, maar as jy die ware Hebreeuse Naam van die Messias ignoreer, sal jy al die Skrifgedeeltes mis wat van Hom spreek in die Ou Testament. Kyk na die volgende Skrifgedeelte met die woord vir verlossing (*Yahshua*) wat behoue was in die oorspronklike Hebreeus. Dis hoe die woorde sal lees in die oorspronklike Hebreeuse taal.

*Jes 12:1-2 En in daardie dag sal jy sê: Ek dank U, Yahweh, dat U toornig op my gewees het; u toorn is afgewend, en U het my vertroos. (Alleenlik deur Yahshua) Ja, **Elohiem is Yahshua!** ek sal vertrou en nie vrees nie; want Yah Yahweh is my krag en my Psalm, en **Hy het my Yahshua geword.***

*Jes 12:4 En julle sal in daardie dag sê: **Dank Yahweh, roep Sy Naam aan, maak Sy dae onder die volke bekend, verkondig dat Sy Naam hoog is!***

*Ps 18:46 Yahweh leef! En Geseënd is my rots, en laat verhoog wees die **Elohiem van Yahshua!***

*Ps 18:49-50 Daarom wil ek U loof, o Yahweh, onder die nasies, en **tot eer van U Naam wil ek Psalmsing.** Hy wat **Yahshua Sy koning groot maak en goedertierenheid bewys aan Sy Messias, aan die Saad van Dawid tot in ewigheid.***

Ps 20:1-2 Mag Yahweh u verhoor in die dag van benoudheid! Mag die Naam van die Elohiem van Jakob u beskerm! Mag Hy u hulp stuur uit die afgesonderde plek en u ondersteun uit Tsjion!

Ps 20:6-7 Nou weet ek dat Yahweh Yahshua Sy Messias antwoord; Hy sal Hom verhoor uit Sy afgesonderde hemel met magtige daade van verlossing van Sy regterhand. Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar ons sal roem op die Naam van Yahweh onse Elohiem.

Ps 20:9 Yahweh Yahshua, die Koning sal ons antwoord op die dag as ons roep!

Ps 28:8 Yahweh is 'n sterkte vir hulle, en Hy is die vesting van Yahshua Sy Messias.

Ps 42:5 Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op Elohiem; want ek sal Hom nog loof – Yahshua tot Sy aangesig!

Ps 85:1-4 U het, o Yahweh, 'n welbehae gehad in U land; die lot van Jakob het U verander. U het die ongeregtheid van u volk weggeneem, al hulle sonde bedek. (Alleenlik deur Yahshua die Messias van Israel). **Selah. U het al U gramskap teruggetrek, U het U van die gloed van U toorn afgewend. Herstel ons, o Elohiem van Yahshua, en maak tot niet U gramskap teen ons!**

Ps 85:6-7 Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie? Laat ons U goedertierenheid sien, o Yahweh, en gee ons Yahshua!

Ps 85:9 Gewis, Yahshua is naby die wat Hom vrees, sodat voortreflikheid in ons land kan woon.

Ps 98:1-3 Sing tot eer van Yahweh 'n nuwe lied, want Hy het wonders gedoen; Sy regterhand en Sy afgesonderde arm het Hom gehelp. Yahweh het Yahshua bekend gemaak, Sy geregtigheid voor die oë van die nasies geopenbaar. Hy het gedink aan sy goedertierenheid en sy trou aan die huis van Israel; al die eindes van die aarde het Yahshua onse Elohiem gesien.

Kyk na die volgende Skrifgedeelte wat duidelik wys wie die regterhand van Yahweh is en hoe Hy verwerp sou word. Dit vorm deel van die groot “hallel” wat deur die Jode elke Pasga gesing word en wat deur Yahshua en Sy dissipels gesing was kort voor Hy na die Tuin van Getsémané gegaan het waar Hy in hegtenis geneem was, gegetel en aan die boom vasgenael sou word.

Ps 118:14-18, 20-23 Yah is my sterkte en Psalm, en Hy het my Yahshua geword. 'n Stem van gejubel en van verlossing is in die tente van die regverdiges: die regterhand van Yahweh doen kragtige daade. Die regterhand van Yahweh verhef; die regterhand van Yahweh doen kragtige daade. Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van Yah vertel. Yah het my hard gekasty, maar my aan die dood nie oorgegee nie. Dit is die poort van Yahweh; regverdiges mag daardeur ingaan. Ek wil U loof, omdat U my verhoor het en my Yahshua geword het. Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword. Dit het van Yahweh gekom; dit is wonderbaar in ons oë.

Ja, die Vader het die verwerping van die Messias toegelaat sodat Hy die skuldoffer vir ons sondes kon wees, waarvoor daar geprofeteer was; en hoe voortreflik moet dit in ons oë wees, dat die Hemelse Vader ons so liefgehad het om daardie opoffering vir ons te maak.

Hab 3:13 U trek uit tot redding van U volk, vir Yahshua U Messias. U verbrysel die kop van die huis van die afvallige en ontbloot die fondament tot by die nek. Selah.

Die volgende teks vanuit die Ou Testament bewys dat Yahshua verpersoonlik word en bevestig wat die taak is wat Hy sal verrig met Sy wederkoms asook die beloning wat Hy sal bring vir elke gelowige wat in Sy Naam glo. Let wel, die term “banier” verwys na die wederkoms van die Messias wanneer die 12 stamme van Israel na die land van Israel sal terugkeer. Elke stam het hul eie banier gehad, maar as gevolg van hul Diaspora vir soveel jare word dit in die wêreld as verlore

beskou, daarom is dit 'n frase van hoop sodat met die Messias se wederkoms, die 12 stamme van Israel weereens hul banier in die land sal hys.

Jes 62:10-12 Gaan in, gaan in deur die poorte, berei die weg van die volk! Vul op, vul op die grootpad, gooi die klippe weg, steek 'n banier op oor die volke! Kyk, Yahweh laat dit hoor tot by die einde van die aarde: Sê aan die dogter van Sion: Kyk, jou verlossing kom; kyk, sy loon is by Hom en sy beloning is voor sy aangesig. En hulle sal genoem word: die afgesonderde volk, die verlostes van Yahweh; en jy sal genoem word: die begeerde, die stad wat nie verlaat is nie.

Jesaja 35 sê presies wat die ware Messias van Israel gaan doen. Lees die Torah, die mondelinge geskrifte van die Rabbi's en selfs die Dooie See Perkamentrolle en sal jy vind dat die ware Messias die oë van die blindes sal open, die ore van die dowes sal ontsluit en die melaatses sal genees as bewys dat Hy werklik die ware Messias van Israel is, was en vir ewig sal wees.

Jes 35:4-8 Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle Elohiem kom met wraak, julle Elohiem met vergelding; Hy self sal kom en julle verlos. Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fontein van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies. En daar sal 'n grootpad wees en 'n weg wat die afgesonderde weg genoem sal word; geen onreine sal daarop voorttrek nie, maar vir hulle sal dit wees; wie die weg bewandel - selfs die dwase sal nie dwaal nie.

Het Yahshua werklik wonders gedoen?

*Matt 8:2-4 en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: **Meester, as U wil, kan U my reinig. Daarop steek Yahshua die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig!** En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig. En Yahshua sê vir hom: Pas op dat jy dit aan niemand vertel nie, maar gaan vertoon jou aan die priester en offer die gawe wat Moses voorgeskrywe het, tot 'n getuienis vir hulle. (Weereens hou Yahshua die Torah omhoog.)*

*Luk 5:18-26 En daar het manne 'n mens wat verlam was, op 'n bed gebring, en hulle het probeer om hom in te bring en voor Hom neer te sit. En toe hulle vanweë die skare geen kans sien om hom in te bring nie, klim hulle op die dak en laat hom met die bed afsak deur die panne tussen die mense in en voor Yahshua. **En toe Hy hulle geloof sien, sê Hy vir hom: Mens, jou sondes is jou vergewe.** En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het begin redeneer en sê: Wie is Hy wat so lasterlik praat? Wie kan sondes vergewe behalwe Elohiem alleen? Maar Yahshua het hulle redenering gemerk, en Hy antwoord en sê vir hulle: Wat redeneer julle in jul harte? Wat is makliker, om te sê: Jou sondes is jou vergewe; of om te sê: Staan op en loop? **Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe sê Hy vir die verlamde man: Ek sê vir jou, staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.** Hy staan toe onmiddellik voor hulle op, neem die bed op waar hy op gelê het, en gaan na sy huis, terwyl hy Yahweh lof toebring. En verbasing het almal aangegryp, **en hulle het Yahweh lof toegebring en is met vrees vervul en het gesê: Ons het vandag ongelooflike dinge gesien.***

In Lukas 5:21 erken die skrifgeleerdes en Fariseërs dat alleenlik Yahweh sondes kan vergewe. Dit is 'n duidelike erkenning dat almal in daardie tyd geweet het dat die Hoë priester ('n gewone mens, behalwe vir die amp wat hom van ander skei) op Yom Kippur in die Mees Afgesonderde Plek van die tempel kon ingaan om 'n offer vir sonde te doen, wetende dat hulle sondes nie vergewe sou word nie, maar bedek word sodat die verbond vir nog 'n jaar kon aangaan met die hoop dat die Messias sou kom om hul sondes heeltemal deur Sy bloed te verwyder (Lev 17:11).

Joh 9:1-7 En toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af. En Sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? Yahshua antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van Elohiem moet in hom openbaar word. **Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het**, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie. **So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld.** En toe Hy dit gesê het, spuug Hy op die grond en maak klei van die spuug en smeer die klei aan die oë van die blinde man en sê vir hom: Gaan was jou in die badwater Silóam, wat vertaal word: Uitgestuur. En hy het gegaan en hom gewas; en hy het siende teruggekome.

Yahshua het menigte wonderwerke verrig:

- Die weer opdrag gegee en dit het Hom gehoorsaam.

Luk 8:22-25 En op een van daardie dae het Hy en Sy dissipels in 'n skuit gegaan; en Hy het vir hulle gesê: Laat ons oorvaar na die oorkant van die see. En hulle het weggevaar. En terwyl hulle seil, raak Hy aan die slaap. Toe kom daar 'n stormwind op die see af en die skuit het begin vol word, en hulle was in gevaar. En hulle het na Hom gegaan en Hom wakker gemaak en gesê: Meester, Meester, ons vergaan! **Hy staan toe op en bestraf die wind en die watergolwe, en hulle het bedaar en daar het 'n stilte gekom.** En Hy sê vir hulle: Waar is julle geloof? Maar hulle was bang en verwonderd en het vir mekaar gesê: **Wie is Hy tog, dat Hy selfs die winde en die water gebied en hulle Hom gehoorsaam is!**

- 'n Man vanuit die dood verwek.

Luk 7:11-17 En die dag daarna was Hy op weg na 'n stad met die naam van Nain; en baie van Sy dissipels en 'n groot menigte het saam met Hom gegaan. En toe Hy naby die poort van die stad kom, word daar net 'n dooie uitgedra, die enigste seun van sy moeder, en sy was 'n weduwee; en 'n groot menigte van die stad was by haar. En toe die Meester haar sien, het Hy innig jammer vir haar gevoel en vir haar gesê: Moenie ween nie! En Hy het nader gegaan en die baar aangeraak. Daarop staan die draers stil. **En Hy sê: Jongman, Ek sê vir jou, staan op! En die dooie het regop gaan sit en begin praat; en Hy het hom aan sy moeder teruggegee.** En vrees het almal aangegryp terwyl hulle Yahweh lof toebring en sê: 'n Groot profeet het onder ons opgestaan; en: **Yahweh het Sy volk besoek.** En hierdie woord aangaande Hom het uitgegaan in die hele Juda en in die hele omtrek.

- Onrein duiwels beveel om 'n man (Legio) te verlaat.

Luk 8:26-34 En hulle het geseil na die land van die Gadaréners, wat reg anderkant Galiléa is. En toe Hy aan wal uitklim, kom 'n sekere man uit die stad Hom tegemoet, wat vir 'n geruime tyd van duiwels besete was en geen klere gedra het nie; hy het ook nie in 'n huis gewoon nie, maar in die grafte. **En toe hy Yahshua sien, skreeu hy uit en val voor Hom neer en sê met 'n groot stem: Wat het ons met U te doen, Yahshua, Seun van die allerhoogste Elohiem? Ek bid U, moet my nie pynig nie - want Hy het aan die onreine gees bevel gegee om uit die man uit te gaan.** Want baiekeer het hy hom saamgesleep; en hulle het hom gebind met kettings en voetboeie om oor hom wag te hou; maar hy het die boeie uitmekaar geruk, en die duiwel het hom in die woestyne gedrywe. Daarop vra Yahshua hom en sê: Wat is jou naam? En hy antwoord: Legio - want baie duiwels het in hom ingevaar. En hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die onderwêreld af te vaar nie. En daar het 'n groot trop varke op die berg gewei. Toe smeek hulle Hom dat Hy hulle sou toelaat om in daardie varke in te vaar. En Hy het hulle toegelaat. Daarop gaan die duiwels uit die man uit en vaar in die varke in, en die trop het van die kranse af in die see gestorm en verdrink. En toe die wagtters sien wat gebeur het, het hulle gevlug en dit in die stad en in die buitewyke gaan vertel.

Sommige mense vra blindelings: “Hoe weet ons dat hierdie stories waar is?”

Die antwoord: Die “stories” was deur vier verskillende ooggetuies geskryf, wat in vier verskillende streke gewoon het, ten midde die eerste eeu na Messias. Met ander woorde, 'n tyd sonder telefone of e-pos wat die skrywers kon gebruik om hul stories met mekaar te vergelyk; maar tog het elk van die vier skrywers dieselfde storie geskryf asook duisende ooggetuies het hierdie wonderwerke gesien en eerstehands beleef. As die wonderwerke onwaar was of nie plaasgevind het nie, is die redenasie dat tydgenote in daardie tydperk dokumente sou skryf om Yahshua en Sy dissipels te diskrediteer. Selfs geskrifte van die Talmoed bevestig dat die wonderwerke waar is en wel plaasgevind het. Jy kan die volledige, geskiedkundige bewyse hiervan lees in die boek geskryf deur Dan Gruber getiteld “*Rabbi Akiva's Messiah*”.

Let wel, nog nooit was daar 'n dokument of boek geskryf wat sê dat Yahshua veroorsaak het dat iemand blind, doof of melaats geword het nie, maar dat alleenlik Hy al hierdie siektes genees het. Indien jy jouself nie sien as 'n sondaar wat verlossing nodig het nie, dan sal jy waarskynlik dink dat die dinge wat hier geskrywe is, dwaasheid is, maar die Skrif sê duidelik:

1Kor 2:14 Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van Yahweh nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

Ps 14:1-3 Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen Elohiem nie. Sleg, afstootlik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie. Yahweh het uit die hemel neergesien op die seuns van Adam, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na Elohiem vra. Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie.

Rom 3:23-25 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die voortreflikheid van Yahweh, en hulle word deur sy guns sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in die Messias Yahshua is. Hom het Yahweh voorgestel in Sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om Sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van Yahweh.

Die Messias van Israel is: Yahshua van Nasaret; Gebore in Bethlehem, 'n Jood van die huis van Dawid; Wie die Torah volmaak bewaar het en vir ons tot voorbeeld is sodat ons Sy voetspore volg, wetende dat, waar ons kortkom Hy gesterf het sodat Sy reddende bloed die loon van ons sondes betaal.

1 Pet 2:21 Want hiertoe is julle geroep, omdat die Messias ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle Sy voetstappe kan navolg;

1 Pet 2:24 wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout (aan die boom) gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur Wie se wonde julle genees is.

Nog 'n vraag wat gevra word: “Indien Yahshua die beloofde Messias was, waarom het die nasie van Juda Hom nie aanvaar in 27 A.D toe Hy op die aarde gewandel het nie?” Die antwoord: Dit was geprofeteer dat die nasie van Israel Hom sou verwerp sodat Hy die skuldoffer kon word vir hul sondes.

Jes 53:1-4 Yahweh, wie het geglo wat ons verkondig het? En aan wie is die arm van Yahweh geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor Sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of voortreflikheid gehad, dat ons na Hom sou kyk nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met swakheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte - dit het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur Elohiem geslaan en verdruk was.

Die profesie vanuit Jesaja is duidelik, andersins, hoe sou hulle Yahshua aan die kruishout van die boom vasgenaël het om vir hul sondes te sterf? Daar was ook geprofeteer dat Messias aan hande van die leierskap van die nasie sou lei en dat Hy die skuldoffer sou wees vir die sondes wat hulle gepleeg het wat nie onder die eerste verbond vergewe kon word nie.

*Jes 53:5-6 Maar **Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel**; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar **Yahweh het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom**.*

*Jes 53:8 Uit die druk en uit die strafoplegging is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote - wie het daarvoor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? **Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom**.*

*Jes 53:10-12 Maar **dit het Yahweh behaag om Hom te verbrysel**; Hy het Hom siek gemaak; as Sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehag van Yahweh sal deur Sy hand voorspoedig wees. Weens die moeilike lyde van Sy siel sal Hy dit sien en versadig word; **deur Sy kennis sal My Knecht, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra**. Daarom sal **Ek Hom** 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; **omdat Hy Sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het**.*

Die Messias van Israel was die skuldoffer vir ons sondes en die sondes van die mense onder die eerste verbond vir wie Yahshua die doodstraf met Sy lewe betaal het sodat diegene wie Sy bloedoffer aanvaar vergewe kan word. In die Torah word dit duidelik gestel dat daar geen vergifnis vir sondes is, sonder bloedvergieting nie.

Lev 17:11 Want die siel (lewe) van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.

Sondes kan nie net vergewe word nie aangesien dit nie geregtigheid is nie, maar die loon (straf) van sondes moes betaal word. Yahshua van Nasaret het hierdie loon betaal deur die vergieting van Sy bloed vir elkeen wat Sy offer aanvaar, bekeer van sonde en terugkeer na Yahweh en Sy Torah. Nêrens in die Skrif is daar vergifnis van sondes sonder dat **bekering eers plaasgevind** het nie, andersins is dit 'n bespotting van die Gees van goedgunstigheids van ons Hemelse Vader.

Heb 10:26-31 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die Torah van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuïenis van twee of drie; (Deut 17:6) hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van Yahweh vertrap het en die bloed van die verbond waardeur hy afgesonder is, onrein geag en die Gees van guns gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, sê Yahweh; en weer: Yahweh sal Sy volk oordeel. Ontsaagwekkend is dit om te val in die hande van die lewende Elohiem.

Enigeen wat beweer dat die bloedoffer wat die Messias vir ons gedoen het vir hulle die lisensie gee om voort te gaan in sonde, deur die Torah te breek, is nie 'n ware gelowige in Yahshua van Nasaret nie. Yahshua het ons verlos **van ons sondes**, nie **in ons sondes** nie; en nadat 'n mens Sy gestorte bloed aanvaar vir die vergifnis van sondes, moet hy/sy wandel in nuutheid van lewe en na die beste van vermoëns probeer om die gees van die Torah om hoog te hou en so 'n lewende offer te wees, net soos Yahshua.

Rom 8:1-4 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in die Messias Yahshua is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die Torah van die Gees van die lewe in die Messias Yahshua het my vrygemaak van die Torah van die sonde en die dood. Want Yahweh het wat vir die Torah onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur Sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die Torah vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Die Torah is volmaak, maar ons is nie. Die Torah leer ons wat reg en verkeerd is, maar dit kan nie die hart verander om te doen wat reg is nie. Ons menslike natuur vanaf Adam en Eva is eintlik haatlik teenoor Yahweh en Sy Torah en alleenlik deur die oordrag van Yahweh se Ruag Ha Kodesh kan dit daardie verset teen Yahweh en Sy Torah verander tot liefde daarvoor.

Rom 8:7-8 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen Yahweh is; want dit onderwerp hom nie aan die Torah van Yahweh nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan Yahweh nie behaag nie;

Wanneer jy van jou sondes bekeer, die bloed van Yahshua aanvaar en gedoop word in die Naam van Yahshua, dan sal jy die gawe van die Ruag Ha Kodesh ontvang (oorgedra deur die oplegging van hande) wat jou verstand en hart vernuwe. Deur middel van die Ruag Ha Kodesh verander jou gesindheid en jy sal meer liefdevol en positief ingestel wees teenoor Yahweh se Torah. Die ontvangs van die gratis geskenk, naamlik die gestorte bloed van die Seun van Yahweh doen geensins weg met die Joodse kultuur of die Torah nie. Nee, in werklikheid word dit juis vir ware gelowiges bevestig.

Rom 3:31 Maak ons dan die Torah tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die Torah.

Voor die bekering en doop van 'n sondaar, verkeer 'n persoon in hul vleeslike natuur en kan nie van sonde wegdraai nie wat natuurlik ook beteken dat die Torah nie gehoorsaam word nie. Na die bekering en doop van 'n gelowige volgeling van Yahshua en met die hulp van die Ruag Ha Kodesh kan die persoon wegdraai van sonde en 'n nuwe skepping word. Daaglikse Skrif lesing en gebed sal toelaat dat die Gees in jou groei sodat die vleeslike natuur verander na die natuur van ons Vader in die Hemel.

Profesie in die Tanak:

Jesaja 53 sê duidelik wie die enigste persoon in die geskiedenis van Israel was wat hierdie Skrifte kon vervul.

Jes 53:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders - ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie.

Nuwe Testamentiese vervulling:

Matt 26:62-63 Daarop staan die hoëpriester op en sê vir Hom: Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U? Maar Yahshua het stilgebly.

Profesie in die Tanak:

Jes 53:9 En Hy het Hom Sy graf by die afvallige gegee; en by 'n ryke was Hy in Sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in Sy mond gewees het nie.

Nuwe Testamentiese vervulling:

Matt 27:38 Toe word daar saam met Hom twee rowers aan pale opgehang, een aan die regter - en een aan die linkerkant.

Matt 27:57-60 En toe dit aand geword het, het daar 'n ryk man van Arimathéa gekom met die naam van Josef, wat self ook 'n dissipel van Yahshua was. Hy het na Pilatus gegaan en die liggaam van Yahshua gevra. Toe beveel Pilatus dat die liggaam afgegee moes word. En Josef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai en dit in sy nuwe graf gelê wat hy in die rots uitgekop het; en nadat hy 'n groot steen teen die opening van die graf gerol het, het hy weggegaan.

Profesie in die Tanak:

Ps 22:18 Hulle verdeel My klere onder mekaar en werp die lot oor My gewaad.

Nuwe Testamentiese vervulling:

Matt 27:35 En nadat hulle Hom gekruisig het, (teen 'n boom aan die kruishout vasgespyker) het hulle Sy klere verdeel deur die lot te werp, sodat vervul sou word wat deur die profeet gepraat is: Hulle het My klere onder mekaar verdeel en oor My gewaad die lot gewerp.

Profesie in die Tanak:

Ps 69:21 En hulle het aan My gal gegee as My spys, en vir My dors het hulle My asyn laat drink.

Nuwe Testamentiese vervulling:

Matt 27:48 Toe hardloop daar dadelik een van hulle en neem 'n spons en maak dit vol asyn, en sit dit op 'n riet en laat Hom drink.

Profesie in die Tanak:

Sag 11:12-13 Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit dan staan. Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer. Hierop sê Yahweh vir my: Gooi dit vir die pottebakker - die voortreflike prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is! En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van Yahweh vir die pottebakker gegooi.

Nuwe Testamentiese vervulling:

Matt 27:3-10 Daarna het Juda, Sy verraai, toe hy sien dat Hy veroordeel was, berou gekry en die dertig silwerstukke terugbring na die owerpriesters en die ouderlinge en gesê: Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai. Maar hulle sê: Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien! En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggeloop en homself gaan ophang. En die owerpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: Dit is nie geoorloof om dit in die skatkis te stort nie, omdat dit bloedgeld is. En nadat hulle saam raad gehou het, het hulle die stuk grond van die pottebakker daarmee gekoop as 'n begraaftaak vir vreemdelinge. Daarom is daardie stuk grond genoem Bloedgrond, tot vandag toe. Toe is vervul wat gepraat is deur Jeremia, die profeet, toe hy gesê het: En hulle het die dertig silwerstukke geneem, die prys van die gewaardeerde wat hulle gewaardeer het vanweë die kinders van Israel; en hulle het dit gegee vir die grond van die pottebakker, soos Yahweh my beveel het.

Wees eerlik en dink daaroor. Dit is absoluut onmoontlik dat een man al hierdie profesieë vervul indien hy nie die ware Messias van Israel is nie. Hoe kon Yahshua die soldate forseer om die lot te werp vir Sy klere, of die ryk man vra om Hom te begrawe nadat Hy gesterf het? Selfs die tydskerekening van Sy koms was in die boek van Daniël geprofeteer.

Dan 9:24-26 Sewentig sewetalle (weke) is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle (weke); en twee en sestig sewetalle (weke) lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee en sestig sewetalle (weke) sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

Die profesie geskryf deur profeet Daniël, verklaar dat 70 sewetalle (weke) van jare sal verbygaan voor Jerusalem weer die stad van vrede sou wees.

In vers 26 word verklaar dat wanneer die bevel uitgaan om Jerusalem en haar mure te herstel en te herbou sal 69 weke of 483 jare verbygaan tot en met die Messias se verskyning. Die bevel was deur Artaxerxes in die jaar 457 VM. Uitgevoer. Indien jy 483 jaar tel vanaf 457 VM kom jy uit by die jaar 27 NM, wat die presiese jaar was van die Messias se verskyning en die begin van Sy ministeriële bediening.

My vraag is, as Yahshua nie die Messias van Israel was nie, wie was die Messias wat in 27 NM verskyn het?

In die Ou Testamentiese boek, Maleagi (asook ander Skrifgedeeltes) word gesê dat die Messias moes verskyn voor die vernietiging van die Tempel in 70 NM. In *Dan 9:26* word gesê: "...en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes,..." Bewys vanuit Daniël dat die Messias moes kom voor die vernietiging van die tempel. *Dan 9:26* verklaar verder dat "'n Gesalfde uitgeroei'" (doodgemaak) sou word; nie vir Homself nie, maar vir die sondes van die mensdom soos geprofeteer deur Jesaja. Alleenlik Yahshua van Nasaret het al hierdie profesieë van die Skrif vervul, presies soos dit geskrywe staan.

Die laaste 2 profesieë hiervolgens genoem, is die twee belangrikste profesieë van die boek. Die eerste profesie verwys na die Messias (wie vir die sondes van Israel gesterf het) wat nie in die graf sou bly nie, maar dat Hy deur Sy Vader, Yahweh in die Hemel opgewek sou word vanuit die dood.

Profesie in die Tanak:

Ps 16:10 want U sal My siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat U gunsgenoot verderwing sien nie.

Nuwe Testamentiese vervulling:

Matt 28:5-7 Maar die boodskapper antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Yahshua wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Meester gelê het; en gaan haastig, sê vir Sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.

Die Messias van Israel het nie alleenlik sonde oorwin nie, maar ook die dood, want Hy is gesetel aan die regterhand van die Vader in die Hemel.

Ps 110:1 Yahweh het tot my Meester (Adonai) gepraat: Sit aan My regterhand, totdat Ek U vyande maak 'n voetbank vir U voete.

Heb 10:12-13 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van Yahweh en wag nou verder totdat Sy vyande gemaak is 'n voetbank van Sy voete.

Die laaste en mees belangrikste profesie in die boek, wat spreek van die Messias van Israel se wederkoms wanneer die Joodse nasie Hom as Messias sal aanvaar.

Sag 12:10 Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van guns en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.

Sag 12:12 En die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik; die geslag van die huis van Dawid afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die geslag van die huis van Natan afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; (Let wel, met die Messias se wederkoms, sal Natan voorrang hê, NIE Salomo nie).

Deurgaans in die boek is dit bewys dat daar een persoon alleenlik in die geskiedenis van Israel was wat al hierdie profesieë vervul het; Yahshua van Nasaret: gebore uit 'n maagd, wat mense vanuit die dood verwek het, blindes genees het, dowes laat hoor het en melaatses gereinig het, aan die boom en kruishout vasgenaël was vir die sondes van die mensdom onder die eerste verbond, opgewek was op die 3de dag deur Yahweh die Vader in die hemel, en wie binnekort weer kom om die res van die Skrif te vervul aangaande Sy heerskappy op die troon van Sy vader Dawid, vir ewig.

1 Kron 17:10b Daarom gee ek jou te kenne dat Yahweh vir jou 'n huis sal stig;

1 Kron 17:11-14 En as jou dae vol is om heen te gaan saam met jou vaders, sal Ek jou nakomeling wat uit jou seuns sal wees, laat optree en sy koningskap bevestig. Hy sal vir My 'n huis bou, en Ek sal sy troon bevestig tot in ewigheid. Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees, en my goedertierenheid sal Ek van hom nie laat wyk soos Ek dit onttrek het aan hom wat voor jou gewees het nie. Maar Ek sal hom laat bestaan in my huis en in my koninkryk tot in ewigheid, en sy troon sal vas staan tot in ewigheid.

Die eerste Skrifgedeelte wat Yahshua in die sinagoge voorgelees het was *Jesaja 61* asook die eerste gedeelte van *Jesaja 62*.

*Luk 4:16-19 Toe kom Hy in Nasaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoon was, gaan Hy op die dag van Sabbat in die sinagoge en staan op om te lees. En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is: **Die Gees van Yahweh is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van Yahweh aan te kondig (Die Jubilee jaar).***

Dit was Yahshua se missie die eerste keer toe Hy op aarde was. Sy bediening was gefokus om vrylating aan diegene te verkondig wat gevange is deur hul sondige en vleeslike natuur sedert

Adam se sonde val. Yahshua se boodskap is vandag nog dieselfde. Jy kan ook Yahshua as die Messias van Israel aanneem, sodat jou sondes vergewe kan word en jy die gratis gawe van die Ruag Ha Kodesh ontvang. Yahshua sal binnekort terugkeer om al die sondaars en onregverdiges vanuit Sy Koninkryk te vernietig voordat Hy, Sy heerskappy opneem oor die hele aarde en regeer vanuit Jerusalem vir die 7de millennium oor die mensdom. Dit is wat die tweede deel van *Jesaja 62* behels en ook wat Sy doel sal wees met Sy wederkoms.

Jes 61:2-4 om uit te roep 'n jaar van die welbehae van Yahweh en 'n dag van die wraak van onse Elohiem; om al die treurendes te troos; om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van Yahweh, om Sy voortreflikheid te betoon. En hulle sal die ou puinhope bou, die verwoeste plekke uit vroeër dae weer oprig en die verwoeste stede weer nuut maak wat woens was van geslag tot geslag.

1 Kor 15:24-26 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan Yahweh die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning regeer totdat Hy al Sy vyande onder Sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

Op 19:11-15 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En Sy oë was soos 'n vuurvlam, en op Sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is: Die Woord van Yahweh. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit Sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van Yahweh, die Almagtige. En Hy dra op Sy kleed en op Sy heup die Naam wat geskrywe is: DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE MEESTER VAN DIE MEESTERS.

Die Messias van Israel se wederkoms sal voor die Jubilee jaar wees om Sy Koninkryk in Jerusalem op te stel. Hierdie keer kom Hy nie as die Lam van Yahweh nie, want Hy het alreeds die straf vir ons sondes betaal; Hy kom as die Leeu van Juda om alle ongeregtigheid uit die weg te ruim en Sy uitverkorenes te vergader sodat hulle saam met Hom vir ewig regeer.

Heb 9:28 so sal die Messias ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot verlossing.

Fil 2:9-11 Daarom het Yahweh Hom ook grootliks verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Yahshua sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Yahshua die Messias die Meester is tot eer van Yahweh die Vader.

Op 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Yahshua en oor die woord van Yahweh, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het herleef en as konings geregeer saam met die Messias die duisend jaar lank.

Op 20:6 Geseënd en afgesonder is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van Yahweh en van Sy Messias wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Jes 65:18-25 Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skeep; want kyk, Ek skeep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees. En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor My volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geweën of die stem van geskreeu nie. Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.

En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet: hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en My uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet. Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of verwek vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur Yahweh geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle. En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog praat, verhoor Ek. Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op My hele afgesonderde berg nie, sê Yahweh.

Die Messias van Israel sal terugkeer om die Koninkryk van Yahweh op aarde te vestig, vanuit die fisiese land van Israel, in die stad van Jerusalem vir 'n 1000 jaar heerskappy en daarna tot in alle ewigheid. Daar sal nie meer lyding of siektes wees nie, geen oorloë en elke nasie op aarde sal erkenning gee aan Yahshua se voortrefflikheid. Die eerste keer het Yahshua gekom om die straf vir die sondes te betaal, gepleeg onder die eerste verbond. Met Sy wederkoms sal Hy die nasie van Israel red en Sy Koninkryk vir ewig vestig.

Amos 9:14-15 En Ek sal die lot van My volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet. En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê Yahweh jou Elohiem.

Die eerste maal het Hy gekom soos *Jesaja 9:6* en *7:14* aan ons beskryf het, naamlik dat Hy as 'n kindjie gebore sou word van 'n maagd, maar die tweede verskyning sal voortreflik vanuit die Hemel geskied.

Sag 14:1-5 Kyk, daar kom 'n dag vir Yahweh; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En Yahweh sal uittrek en stryd voer teen daardie nasies soos op die dag van Sy stryd, die dag van oorlog. En in daardie dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van My berge - want die dal van die berge sal loop tot by Asal - en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal Yahweh my Elohiem kom, al die afgesonderdes met U!

Matt 24:27 Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

*Matt 24:30-31 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en voortrefflikheid (*Dan 7:13*). En Hy sal Sy boodskappers uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal Sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.*

Die feit dat die Messias van Israel Sy verskyning op die Olyfberg sal maak is seker een van die geloofsoortuigings wat beide ware gelowiges in Yahshua en Judaïsme in gemeen het. Dit is deel van Joodse geloof vir duisende jare. Die Messias se verskyning op die Olyfberg is die hoofrede hoekom daar vandag 2000 jaar oue grafte op die Olyfberg is en van die duurste eiendom in Israel is. Die Skrif bevestig wie na die Olyfberg sal terugkeer.

Hand 1:4, 6-12 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur Sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Ruag Ha Kodesh oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde. En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Yahshua wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, 'n Sabbat reis ver.

Die Messias van Israel was 'n Jood vanuit die Huis van Dawid. Hy was nie Grieks nie en het nie 'n Griekse naam gehad nie. Hy het 'n Hebreeuse naam gehad, het Hebreeus gepraat en het geleef, geëet en die tradisies nagevolg van Sy Joodse voorouers van die stam van Israel. 'n Paar honderd jaar na Messias opgevaar het na die hemel, het Konstantyn in samewerking met heidense, Griekse geskiedkundiges, Yahshua die Messias in 'n Griekse karakter verander met 'n Griekse naam en Griekse eienskappe. Die boek het gefokus om die leser tot insae te bring dat die ware Messias gekom het om vir die sondes te sterf van die nasie van Israel wat nie onder die Eerste Verbond vergewe kon word nie.

Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe verbond, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste verbond, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

Drie aspekte van enige verbond vanuit die Skrif wat nooit verander nie, is:

- 1) Die Mense - die nasie van Israel;
- 2) Die Land - Israel;
- 3) Die Wet - Torah.

Die Nuwe Verbond, soos die Ou Verbond is met die huis van Israel gesluit en sal vervul word in die verbondsland van Israel met die Torah wat wêreldwyd sal uitgaan. Die beste nuus is dat enigiemand, ongeag kleur, ras of nasie die Nuwe Verbond mag betree en aansluit by die familie van die enigste ware Messias, Yahshua Ha'Mashiag.

Indien jy van enige ander nasie as die nasie van Israel is, moet jy eerstens wegdraai van enige heidense tradisies en geloofsoortuigings, bekeer van jou sondes, gedoop word in die Naam van die Messias van Israel, Yahshua deur 'n geordende ouderling sodat hy hande op jou hoof plaas vir die oordra van die Ruag Ha Kodesh. Indien jy 'n Israëliet is wat in Diaspora leef of 'n Jood van die huis van Juda, dan dring ek daarop aan dat jy die beloftes weer aangryp wat geregtelik joune is. Moenie toelaat dat die leuens van religieuse instellings jou erfdeel van jou weerhou nie. Betree die Nuwe Verbond wat soveel jare terug in die Tanak belowe was.

DIE TYD IS NOU!

Heb 8:8-12 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, sê Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipte uit te lei nie; want hulle het nie gebly by My verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, sê Yahweh. Want dit is die verbond wat Ek na daardie dae sal sluit met die huis van Israel, sê Yahweh: Ek sal My wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken Yahweh nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle. Want Ek sal barmhartig wees oor hulle wetteloosheid en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.

Gal 3:27-29 want julle almal wat in die Messias gedoop is, het julle met die Messias bekleed. Daar is nie meer Jood of Arameër nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in die Messias Yahshua. En as julle aan die Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Ons Almagtige Vader, Yahweh maak geen uitsonderings nie, daarom laat Hy toe dat enige persoon wat 'n hart het Hom dien en die verbond van Israel betree. Dit is belangrik om te verstaan dat die Nuwe en Ou Verbond met Israel alleenlik gesluit is; daarom as jy wil deel aan die beloftes en beloning van die Messias van Israel, moet jy 'n saad van Abraham word sodat jy 'n erfgenaam kan word volgens die belofte. HALLELUYAH!

Matt 10:8b Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.

Daar is geen verkoopprys vir hierdie boek nie. Meer as die helfte van hierdie boek is direk aangehaal vanuit die Skrif en dit sal dit gelyk wees aan diefstal om Yahweh se woord te verkoop. Dit was saamgestel en word uitgegee om mense van regoor die wêreld te help ontwaak tot die waarheid van die Skrif. Die boek en sy inhoud is 'n geskenk aan jou. Die onkoste om die boek te publiseer en te verskeep in die VSA is ongeveer \$ 4.50 per kopie en nagenoeg \$8.00 per boek na lande buite die VSA. Indien jy boeke in groot maat wil versprei, kan jy die bydraes stuur aan:

Don Esposito
PO Box 832
Carteret,
N.J. 07008
USA

Ook beskikbaar op die webtuiste: Die Groot Afvalligheid, Die Gekose Volk en verskeie lesse.

Ons is woonagtig in Israel, maar doen besoeke aan suster gemeentes oor die wêreld. Die gemeente van YHWH, Jerusalem bied die drie pelgrimsfeeste van Yahweh aan in die land van Israel. Na verloop van Pasga en die Fees van Sukkot word groepe op 'n pelgrimstoer geneem deur die Land van Israel. Indien jy sou belangstel om Israel of een van ons suster gemeentes te besoek, gaan gerus na www.coyhwh.com vir meer inligting. Ons sien uit daarna om van u te hoor.

Die Gemeente van Yahweh se ouderling in Suid-Afrika is Fred Marx. Skryf gerus of epos.

Congregation of Yahweh
Pos Bus 50353
Colleen Glen
6018

fredmarx@live.co.za